



**Wes-Kaapse  
Regering**

Onderwys

**Jaarlikse Prestasieplan  
2016/2017 - 2018/2019**

## **Aantekeninge:**

### **1. Gebruik en vertolking van hierdie dokument**

Die WKOD Jaarlikse Prestasieplan (JPP) moet saam met die WKOD Vyf-jaar Strategiese Plan (2015 – 2019) gelees word. 'n Paar wysigings is aan die plan aangebring en word in Bylae H aangedui.

Die JPP-dokument word volgens 'n voorgeskrewe templaot uiteengesit. Dit is na 'n templaot vir die onderwyssektor omskep.

Befondsing vir onderwys word in sewe programme verdeel. Elke program word deur nasionale subprogramme gedefinieer wat aan die begin van elke program gelys word.

Die WKOD wyk in Program 2 en 4 van die sektorbegrotingstruktuur af aangesien skoolsport by die Departement van Kultuursake en Sport berus.

Nasionaal-gedefinieerde begrotingstabelle (BT'e) word volgens die tersaaklike program genommer. Elke BT het 'n stel finansiële aanwysers. Daar is nasionale aanwysers genaamd "Programprestasiemaatstawwe" (PPM) en provinsiale aanwysers genaamd "Programprestasie-aanwysers" (PPA).

Let wel dat die 2015/16 syfers in die tabelle die hersiene beramings is.

Tensy anders aangedui, is syfers afkomstig van die WKOD se databronne, d.w.s. PERSAL, Jaarlikse Skoolopname en Programbestuurders se rekords.

### **2. Vertalings:**

Engelse en Xhosa weergawes van hierdie dokument sal binne 30 dae na tertafellegging op die WKOD se webwerf: <http://wced.school.za> beskikbaar wees.

*PR Nommer: PR71/2016  
ISBN Nommer: 978-0-621-44381-3  
Vir bykomende afskrifte van hierdie  
dokument, kontak asseblief:  
Hoof: Onderwys, Privaatsak X9114,  
Kaapstad 8000.  
Tel: 021 467 2531  
Faks: 021 461 3694  
E-pos: [media1.media1@westerncape.gov.za](mailto:media1.media1@westerncape.gov.za)*

## Amptelike affekening

### Hierdie Jaarlikse Prestasieplan


- is deur die bestuur van die Wes-Kaap Onderwysdepartement onder leiding van die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap ontwikkel;
- is in lyn met die huidige Strategiese Plan van die Wes-Kaap Onderwysdepartement voorberei; en
- bied 'n akkurate weergawe van die prestasieteikens wat die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal poog om met die hulpbronne wat in die begroting vir 2016/17 beskikbaar gestel is, te bereik.



Mnr Leon Ely  
Hoof Finansiële Beampte



Me Anne Schlebusch  
Hoofbeampte verantwoordelik vir Beplanning



Me Penny Vinjevold  
Rekenpligtige Beampte

Goedgekeur deur:



Me D Schäfer  
Uitvoerende Gesag

## Inhoud

### Deel A: Algemene inligting

1.	Visie	1
2.	Missie	1
3.	Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte	1
4.	Waardes	2
5.	Voorwoord deur die Minister	3
6.	Inleiding deur die Rekenpligtige Beamppte	5

### Deel B: Strategiese oorsig

1.	Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk	6
2.	Skoolonderwys 2030 en die 27 doelwitte	6
3.	Provinsiale konteks	8
4.	Bygewerkte situasionele ontleding	12
4.1	Prestasieleweringsomgewing	12
4.2	Organisatoriese omgewing	21
4.3	Hersiening van wetgewende en ander mandate	24
5.	Beplande ingrypings en programme	27
6.	Oorsig van 2016/17 begroting en MTUR-beramings	30
6.1	Uitgaweberamings en sektorbegrotingstabelle	30

### Deel C: Program- en subprogramplanne

1.	Program 1: Administrasie	32
1.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2016/17 en risiko's	
1.2	Strategiese doelwitte en kwartaallikse teikens	
1.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2016/17	
1.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2016/17	
1.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	
1.6	Prestasie- en uitgawetendense	
2.	Program 2: Openbare Gewone Skole	41
2.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2016/17 en risiko's	
2.2	Strategiese doelwitte en kwartaallikse teikens	
2.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2016/17	
2.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2016/17	
2.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	
2.6	Prestasie- en uitgawetendense	

## Deel C: Program en subprogramplanne (vervolg)

3.	Program 3: Subsidies vir Onafhanklike Skole	52
3.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2016/17 en risiko's	
3.2	Strategiese doelwit en kwartaallikse teikens	
3.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2016/17	
3.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2016/17	
3.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	
3.6	Prestasie- en uitgawetendense	
4.	Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys	55
4.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2016/17 en risiko's	
4.2	Strategiese doelwit en kwartaallikse teikens	
4.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2016/17	
4.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2016/17	
4.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	
4.6	Prestasie- en uitgawetendense	
5.	Program 5: Vroeëkindontwikkeling	61
5.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2016/17 en risiko's	
5.2	Strategiese doelwit en kwartaallikse teikens	
5.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2016/17	
5.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2016/17	
5.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	
5.6	Prestasie- en uitgawetendense	
6.	Program 6: Infrastruktuurontwikkeling	65
6.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2016/17 en risiko's	
6.2	Strategiese doelwit en kwartaallikse teikens	
6.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2016/17	
6.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2016/17	
6.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	
6.6	Prestasie- en uitgawetendense	
7.	Program 7: Eksamen- en Onderwysverwante Dienste	69
7.1	Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2016/17 en risiko's	
7.2	Strategiese doelwit en kwartaallikse teikens	
7.3	Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2016/17	
7.4	Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens 2016/17	
7.5	Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR	
7.6	Prestasie- en uitgawetendense	

## **Deel D: Aansluiting by ander planne**

8.	Aansluiting by die langtermyn-infrastruktuur-, kapitaal- en ander planne	73
9.	Voorwaardelike toelaes	84
10.	Openbare entiteite	90
11.	Publieke-private vennootskappe	90

## **Bylaes**

1.	Bylae A: Aksieplan tot 2019	91
2.	Bylae B: Statistiese Tabelle	94
3.	Bylae C: Tegniiese aanwysers vir jaarlikse teikens vir strategiese doelwitte	96
4.	Bylae D: Programprestasiemaatstawwe (Nasionaal) – Tegniiese aanwysers	105
5.	Bylae E: Programprestasie-aanwysers (Provinsiaal) – Tegniiese aanwysers	129
6.	Bylae F: Akronieme	134
7.	Bylae G: Organogram	135
8.	Bylae H: Wysiging aan Strategiese Plan	136

## Deel A: Algemene inligting

### 1. Visie

Om geleentheid vir almal deur verbeterde onderwysuitkomst te skep.

Daar word deur drie oorkoepelende doelwitte hieraan uiting gegee :

1. 'n Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole
2. 'n Toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat
3. 'n Verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in meer behoeftige gemeenskappe

### 2. Missie

Om gehalte-onderwys aan alle leerders in die provinsie deur die volgende te voorsien:

- Oorhoofse beplanning vir, en bestuur van, die onderwysstelsel
- Onderwys in openbare gewone skole
- Ondersteuning aan onafhanklike skole
- Onderwys in openbare spesiale skole
- Vroeëkindontwikkeling (VKO) in Graad R
- Opleidingsgeleentheid vir onderwysers
- 'n Geteikende voedingsprogram en ander maatreëls vir armoedeverligting en veiligheid
- Steun aan onderwysers deur die voorsiening van basiese diensvoorwaardes, aansporings en 'n werknemerwelsynsprogram

### 3. Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwitte

<b>Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 1</b>	<b>'n Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole</b>
Doelwitverklaring	Leerders se akademiese prestasie in taal en wiskunde sal verbeter sodat, teen 2019: <ul style="list-style-type: none"><li>- Graad 3-leerders 'n slaagkoers van 50% in taal en 64% in wiskunde behaal in toetse wat ekstern opgestel en geadminestreer word</li><li>- Graad 6-leerders 'n slaagkoers van 48% in taal en 48% in wiskunde behaal in toetse wat ekstern opgestel en geadminestreer word</li><li>- Graad 9-leerders 'n slaagkoers van 55% in taal en 24% in wiskunde behaal in toetse wat ekstern opgestel en geadminestreer word</li></ul>
<b>Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 2</b>	<b>'n Toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat</b>
Doelwitverklaring	Leerders se akademiese prestasie in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) sal verbeter sodat: <ul style="list-style-type: none"><li>- Die getal leerders wat in 2019 die NSS slaag, 42 400 sal wees.</li><li>- 'n Slaagkoers van 88% in 2019 behaal word.</li><li>- Die getal leerders wat in 2019 op B-graad-vlak slaag, 21 200 sal wees.</li><li>- Die getal leerders wat in 2019 wiskunde slaag, 11 900 sal wees.</li><li>- Die getal leerders wat in 2019 natuurwetenskappe slaag, 9 700 sal wees.</li></ul>

<b>Strategiese uitkomsgeoriënteerde doelwit 3</b>	<b>'n Verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in meer behoeftige gemeenskappe</b>
Doelwitverklaring	<p>Die WKOD sal belê in behoeftige skole sodat:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Die getal skole met 'n Graad 12-slaagkoers van minder as 70% teen 2019 verminder tot 'n syfer van nul.</li> <li>- Daar 'n afname in onderprestasie in ander grade is, soos gemeet deur die Jaarlikse Nasionale Assessering vir Graad 1 – 6 en 9 en die WKOD-toetse vir Graad 3, 6 en 9 (verwys na doelwit 1 en program 7 vir die teikens)</li> <li>- Die getal laerskole met swak uitslae in sistemiese toetse en 'n algehele slaagkoers van minder as 85% oor grade teen die einde van 2019 tot 30 verminder.</li> <li>- Die retensiekoers (Graad 10 tot 12) teen die einde van 2019 tot 68% styg.</li> <li>- Die getal besoeke vir skoolondersteuning gedifferensieer sal word om by die nodige ondersteuning te pas.</li> <li>- Infrastruktuur, maatskaplike ondersteuning en die voorsiening van fondse gerig sal word ter voordeel van leerders en skole wat dit die nodigste het.</li> </ul>

#### 4. Waardes

- Die allergrootste belang van die leerder
- Die waardes van die Suid-Afrikaanse Grondwet en Handves van Regte
- Uitnemendheid deur die voorsiening en ondersteuning van 'n toegeruste, positiewe en florerende onderwyskorps wat professioneel en toegewyd is
- Aanspreeklikheid en deursigtigheid
- Integriteit en uitnemendheid in administratiewe en steunfunksies



## 5. Voorwoord deur die Minister

Dit is nou byna twee jaar sedert ek die amp as Wes-Kaapse Minister van Onderwys betree het.

As 'n regering glo ons dat 'n toekoms met meer indiensneming, minder ongelykheid, beter onderwys en groter vryheid om geleenthede na te streef 'n visie is wat deur alle Suid-Afrikaners gedeel word en dit moet met ywer nagestreef word. Om hierdie visie te verwesenlik moet ons verseker dat ons leerders toegang tot gehalte-onderwys het, wat van kardinale belang vir 'n goeie lewensgehalte is.

Aan die spits van hierdie visie is om seker te maak dat ons onderwysuitkomst verbeter, en in 2015/16 ons het onself verbind tot besteding op projekte, hulpbronne en mense wat gehalte-onderwys aan al die leerders in hierdie provinsie voorsien.

Ons het 'n aantal inisiatiewe bekendgestel wat regstreeks inskakel by die drie hoofaanwysers van sukses wat in ons Strategiese Plan uiteengesit is, naamlik:

1. 'n Toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)
2. 'n Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole
3. 'n Verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in meer behoeftige gemeenskappe

As ons terugkyk na die afgelope jaar en die vordering meet wat die Wes-Kaap Onderwysdepartement oor die geheel bereik het, kan ons trots op ons prestasie wees.

Eerstens het ons 'n toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die 2015 NSS bereik, met die Wes-Kaap wat 'n slaagkoers van 84.7% behaal het, die hoogste in die land, en die enigste provinsie wat sy slaagkoers van 2014 gegroei het. Ons het ook 'n rekordgetal leerders gehad wat toelating tot B-graadstudies ontvang het, met die persentasie wat met 2.9% gestyg het van 38.8% in 2014 tot 41.7% in 2015. Die Wes-Kaap het, sedert die huidige administrasie in 2009 ingetree het, 'n styging van 9% in die slaagkoers ervaar.

Van belang is dat die prestasie van ons mees behoeftige skole verbeter het, in dié mate dat elkeen van ons skole in kwintiel 1, 2 en 3 'n slaagkoers van meer as 70% behaal het. Al agt ons distrikte het weereens 'n slaagkoers van meer as 80% in die NSS behaal. Dis noemenswaardig dat elke leerder wat in 2015 matriek in die Wes-Kaap geslaag het, vir toegang tot een of ander vorm van hoër onderwys gekwalifiseer het.

Ons het deurgaans groot klem daarop geplaas om te verseker dat ons soveel leerders as moontlik vir so lank as moontlik in die skoolstelsel behou. Ek is dus tevrede dat ons weereens daarin kon slaag om ons retensiekoers met 3% te verhoog, van 63.8% in 2014 tot 66.8% in 2015.

'n Verbetering in taal en wiskunde is 'n belangrike fokusarea vir hierdie regering en ek is dus verheug dat die uitslae van die Wes-Kaapse 2015 sistemiese toetse 'n duidelike verbetering in wiskunde en taal oor die afgelope vyf jaar getoon het. Verlede jaar se wiskunde-uitslae was veral indrukwekkend.

Ek is ook baie ingenome dat die Wes-Kaap Onderwysdepartement 'n skoon oudit vir die 2014/2015-boekjaar behaal het – die eerste onderwysdepartement in Suid-Afrika om dit te bereik.

Ons primêre doelwit is om gehalte-onderwys aan al die leerders in hierdie provinsie te bied, met 'n fokus op leerders in meer behoeftige gemeenskappe. Dit is duidelik in alles wat ons doen en sal aanhou doen.

Ons is trots op die verskeie inisiatiewe wat ons geneem het om meer behoeftige leerders en skole te ondersteun. Ten spyte van finansiële beperkinge, het die WKOD steeds ons meer behoeftige skole vir verligting geteiken. Voorbeelde hiervan is die befondsing van 216 bykomende geen-fooi-skole wat behoeftige gemeenskappe bedien, die vervoer van meer as 55 000 leerders, en R44 miljoen in vergoeding vir die fooivystelling van behoeftige leerders. Die fiskale omgewing plaas ons egter onder enorme druk.

Terwyl ons in 2015/16 'n aantal suksesse gehad het, is daar baie om na uit te sien terwyl ons die visier op 2016/17 rig.

Die WKOD het hierdie jaar 'n nuwe Taalstrategie en Wiskundestrategie van stapel gestuur met die doel om die gehalte van onderrig en leer in alle grade verder te verbeter om, in ooreenstemming met ons strategiese doelwitte, beter leerderprestasie en toenemende retensie van leerders in die skoolstelsel te verseker.

Die WKOD het ook 'n nuwe en opwindende inisiatief geloods, naamlik die Graad R-3 Projek, wat gemik is op die verbetering van taal- en wiskunde-onderrig en -leer op 'n jong ouderdom deur te verseker dat alle leerders aan die einde van Graad 3 die vereiste vlak van lees en hoofrekenere bereik het.

Gegewe die langtermyngevolge van armoede en ongelykheid, benodig baie openbare skole in die meer behoeftige gemeenskappe ekstra ondersteuning aan bestuur, onderwysers en leerders, asook bykomende finansiële hulpbronne. Om te help om toegang tot gehalte-onderrig in ons meer behoeftige gemeenskappe te verhoog, het die WKOD in vennootskap met 'n groep donateurs aan die begin van 2016 'n opwindende nuwe loodsprogram, Medewerkende Skole, bekendgestel.

Deur middel van Medewerkende Skole poog die WKOD om 'n nuwe model van skoolonderwys te toets, naamlik om sterk bestuurs- en opleidingshulpbronne van die privaat sektor in te span om die onderwysuitkomst in openbare skole wat bykomende steun nodig het, deur middel van funksionele vennootskappe te versterk. Alle funksionele vennote is organisasies sonder winsbejag wat deur filantropiese donateurs en stigtings befonds word – met hierdie loodsprogram verbreed ons die basis waarvan hulpbronne en kundigheid gefokus kan word op die verbetering van gehalte- openbare onderwys vir ons mees behoeftige leerders in die provinsie.

Ons het verlede jaar ook die e-leer-spelwysiger van stapel gestuur. Die doel van hierdie spelwysiger is om teen die einde van 2016 gratis hoë-spoed internettoegang aan alle Wes-Kaapse skole te voorsien om e-leer en die integrasie daarvan by onderrig en leer in die Wes-Kaap te ondersteun. Dit is ontwerp om 'n belangrike bydrae te lewer tot die verbetering van die gehalte van onderrig en leer in die provinsie en vir die ontwikkeling van die vaardighede wat mense nodig het om aan ons tegnologies-gedrewe ekonomie deel te neem. Soos ons vorentoe beweeg sal die e-leer-projek steeds 'n hoë-spoed, intydse wye-area-netwerk (WAN), plaaslike-area-netwerke (LAN) in skole, tegnologie-verrykte klaskamers (slim klaskamers), rekenaarlaboratoriums asook IKT-opleiding en ontwikkelingsprogramme vir onderwysers implementeer. Ons lê ook klem daarop om die fokus op die verbetering van ons wiskunde- en taal-uitslae te lê.

Ek is gretig om te sien hoe dit, en baie ander van ons inisiatiewe, in die komende jaar geïmplementeer en bevorder word.

Ek is bewus dat baie nog gedoen moet word om ons visie van Een Nasie met Een Toekoms gebou op Vryheid, Billikheid en Geleentheid vir Almal te bereik, maar ek is vol vertroue dat die ingrypings wat ons instel die leerderuitkomst sal verbeter en ons sal help om te verseker dat alle leerders in hierdie provinsie 'n gehalte-onderrig ontvang om hulle te bemagtig om bevredigende werk te kry en 'n betekenisvolle bydrae tot die ekonomie te lewer, wat hulle die waardigheid sal gee wat hulle verdien.

**Debbie Schäfer**  
**Provinsiale Minister van Onderwys**  
**Wes-Kaapse Regering**

## **6. Inleiding deur die Rekenpligtige Beampte**

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan (JPP) gee 'n uiteensetting van die doelwitte, strategieë, aktiwiteite, teikens en begroting van die Wes-Kaap Onderwysdepartement vir 2016/17.

Hierdie plan bekragtig ons verbintenis om aan al die kinders in die provinsie die bes moontlike geleenthede vir sukses te bied. Hierdie geleenthede word vasgelê in die drie strategiese doelwitte van die Wes-Kaap Onderwysdepartement: 'n verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole; 'n toename in die getal en gehalte geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat; en 'n toename in die gehalte van onderwysvoorsiening in meer behoeftige gemeenskappe.

Ons het in 2015 matige vordering ter bereiking van hierdie doelwitte behaal. In 2016 sal ons voortbou en uitbrei op dit wat gewerk het en ons aktiwiteite en hulpbronne aanpas om beter ondersteuning te bied, waar nodig.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat al ons planne en teikens beperk sal word deur die afname in begrotingstoekenning aan die WKOD, wat vererger word deur 'n toename in die getal leerders in ons skole en die stygende pryse van noodsaaklike goedere en dienste.

Onder hierdie omstandighede sal ons samewerking met sleutelvennote 'n vereiste vir volgehoue sukses wees. Ons sal deurlopend in oorleg met onderwyser- en staatsdiensvakbonde, verenigings van skoolbeheerliggame en skoolhoofde-forums werk om die JPP te beplan en implementeer.

Hoër onderwysinstellings (universiteite en TBOO-kolleges), NRO's en munisipaliteite sal ook 'n belangrike rol in die implementering van die WKOD se JPP van 2016/17 speel.

Die WKOD is bevoorreg om die aktiewe leiding en ondersteuning te geniet van 'n hoogs ervare ouditkomitee en interne oudit- en ondernemingsrisikobestuurspaneel, en die ondersteuning van Provinsiale Tesourie en ander regeringsdepartemente om doeltreffende en effektiewe praktyke te verseker.

Laastens plaas die JPP van 2016/17 'n sterk klem op onderwysers, ouers en leerders wat saamwerk om leeruitkomst te verbeter.

Die WKOD sien uit daarna om saam met al ons vennote aan die implementering van die 2016/17 JPP te werk.

**Penny Vinjevold**  
**Hoof: Onderwys**

## Deel B: Strategiese oorsig

### 1. Die mediumtermyn- strategiese raamwerk (MTR)

Hoofstuk een van die Mediumtermyn- Strategiese Raamwerk (MTR) begin soos volg: "Die NOP se visie vir 2030 is dat Suid-Afrikaners toegang tot opleiding en onderwys van die hoogste gehalte behoort te hê, gekenmerk deur aansienlik verbeterde leeruitkomst".

Die prioriteite vir onderwys-uitsette in die MTR is:

1. Verbeterde gehalte van onderrig en leer deur die ontwikkeling, voorsiening en doeltreffende aanwending van onderwysers.
2. Verbeterde gehalte van onderrig en leer deur die verskaffing van voldoende gehalte-infrastruktuur en Leer- en Onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM).
3. Nasporing van leerderprestasie deur verslagdoening oor en ontleding van die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA) op Graad 3-, 6- en 9-vlak en volgehoue verbetering in JNA om gepaste terugvoering aan leerders en onderwysers te verseker en om mettertyd prestasie te normeer.
4. Uitgebreide toegang tot vroeëkindontwikkeling en verbetering van die gehalte van Gr. R.
5. Versterking van aanspreeklikheid en verbetering van bestuur by die skool, in die gemeenskap en op distriksvlak.
6. Vennootskappe vir onderwyservorming en verbeterde gehalte.

Hierdie prioriteite sal deur die WKOD se doelwitte en aksies aandag geniet. Ons fokus hierop sal verskerp namate stelsels en aanwysers toenemend op provinsiale én nasionale vlak in plek gestel word en begrotings en modelle soos nodig aangepas word.

Elke uitset het 'n stel sub-uitsette, aktiwiteite en gekoppelde aanwysers. Sommige daarvan het nog nie basislyn-inligting nie. Dié wat 'n provinsiale verantwoordelikheid is, word onder die betrokke opskrifte bespreek en teikens is vir die gekoppelde aanwysers gestel.

### 2. Skoolonderwys 2030 en die 27 doelwitte

Die Suid-Afrikaanse onderwyssektorplan word in *Aksieplan 2019 vir Skoolonderwys tot 2030* uiteengesit. Die plan bestaan uit 27 doelwitte. Die eerste 13 doelwitte handel oor leeruitkomst en die ander 14 doelwitte handel oor hoe hierdie leeruitkomst bereik sal word.

Die 27 doelwitte is gekoppel aan **aanwysers**, en aan **teikens** en die **mylpale** daarvan. Die getal doelwitte is beperk; die aanwysers word duidelik gestel en is meetbaar. Die teikens moet 'haalbaar' wees en behoort onderwysuitkomst toenemend te verbeter. Dit word per provinsie verdeel en moet nie as 'n plafon beskou word nie. Nasionale teikens word oor die langtermyn gestel en mylpale fokus op gewenste prestasie oor die mediumtermyn (tot vyf jaar in die toekoms). Nasionale mylpale is vir prestasiedoelwitte 1 – 13 gestel. Mylpale vir doelwitte 14 tot 27 word nie gespesifiseer nie.

Die doelwitte vir die **leeruitkomste** is:

- 1 ► Verhoog die getal leerders in Graad 3 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en gesyferdheid vir Graad 3 bemeester het.
- 2 ► Verhoog die getal leerders in Graad 6 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en wiskunde vir Graad 6 bemeester het.
- 3 ► Verhoog die getal leerders in Graad 9 wat teen die einde van die jaar die minimum bevoegdheids in taal en wiskunde vir Graad 9 bemeester het.

- 4 ► Verhoog die getal Graad 12-leerders wat in aanmerking kom vir 'n Baccalaureus-program op universiteit.
- 5 ► Verhoog die getal Graad 12-leerders wat *wiskunde* slaag.
- 6 ► Verhoog die getal Graad 12-leerders wat *natuurwetenskappe* slaag.
- 7 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 6-leerders in *tale*.
- 8 ► Verbeter die gemiddelde prestasie van Graad 6-leerders in *wiskunde*.
- 9 ► Verbeter die gemiddelde prestasie in *wiskunde* van Graad 8-leerders.
- 10 ► Verseker dat alle kinders by 'n skool ingeskryf is tot ten minste die jaar waarin hulle 15 word.
- 11 ► Verbeter kinders se toegang tot gehalte-vroeëkindontwikkeling (VKO) onder Graad 1.
- 12 ► Verbeter die graadvordering van leerders vanaf Graad 1 tot 9.
- 13 ► Verbeter die toegang van jeugdiges tot Verdere Onderwys en Opleiding na Graad 9.

Die doelwitte vir **hoe** die leeruitkomste bereik sal word, is:

- 14 ► Lok in elke jaar 'n nuwe groep jong, gemotiveerde en toepaslik opgeleide onderwysers na die onderwysberoep.
- 15 ► Verseker dat die beskikbaarheid en benutting van onderwysers van so 'n aard is dat uitermatig groot klasse vermy word.
- 16 ► Verbeter die professionalisme, onderrigvaardighede, vakkennis en rekenaar-geletterdheid van onderwysers dwarsdeur hulle loopbaan.
- 17 ► Streef na 'n onderwyswerksmag wat gesond is en 'n sin van werksbevrediging geniet.
- 18 ► Verseker dat leerders al die onderwerpe en vaardighede dek wat hulle in hulle huidige skooljaar behoort te dek.
- 19 ► Verseker dat elke leerder toegang het tot die minimum stel handboeke en werkboeke wat ingevolge nasionale beleid benodig word.
- 20 ► Bevorder leerders se toegang tot 'n wye reeks media, insluitende rekenaars, wat hulle opvoeding verryk.
- 21 ► Verseker dat die basiese jaarlikse bestuursprosesse in alle skole in die land plaasvind op 'n manier wat tot 'n funksionele skoolomgewing bydra.
- 22 ► Verbeter ouers en die gemeenskap se deelname aan die beheer van skole, deels deur toegang tot belangrike inligting via die e-Onderwysstrategie.
- 23 ► Verseker dat alle skole befonds word op ten minste die minimum per-leerder-vlak wat nasionaal bepaal word, en dat fondse deursigtig en doeltreffend aangewend word.
- 24 ► Verseker dat die fisiese infrastruktuur en omgewing van elke skool leerders inspireer om skool toe te kom om te leer, en vir onderwysers om te onderrig.
- 25 ► Gebruik skole as 'n voertuig vir die bevordering van toegang tot 'n reeks openbare dienste onder leerders, soos byvoorbeeld gesondheid, armoedeverligting, psigososiale ondersteuning, sport en kultuur.
- 26 ► Verhoog die getal skole wat die inklusiewe onderwysbeleid doeltreffend implementeer en toegang het tot sentrums wat deskundige dienste bied.
- 27 ► Verbeter die gereeldheid en gehalte van die monitering en steundienste wat deur distrikskantore aan skole voorsien word, deels deur beter benutting van e-Onderwys.

Daarbenewens het die Departement van Basiese Onderwys 'n stel temas ingestel.

1. Fokus op die gehalte en doeltreffendheid van onderwys
2. Kommunikasie met gemeenskappe
3. Geprioritiseerde onderrig en leer
4. Versterkte rol van alle spelers (entiteite, gehalteversekeringsagente, vakbonde, ouers, vennote)
5. Versterkte provinsiale en nasionale meganismes, insluitend interregerings- en interdepartementele meganismes
6. Wet op Nasionale Onderwysbeleid – monitering en evaluering van norme en standaarde; dit sluit die evaluering van impak in.

Dit word vergesel deur 'n stel nie-onderhandelbares wat deur die Departement van Basiese Onderwys gelys word:

	<b>Item</b>	<b>Elemente</b>
1.	LOOM	Norme en standaarde; herwinning; koste
2.	Infrastruktuur	Toerusting; water en sanitasie; instandhouding; meubels en lessenaars
3.	Distrikte	Ondersteuning van skole; provinsiale distrikskoördinerings- en standaarde vir interaksie, bevoegdheid, kommunikasie, stelsel vir monitering van die kurrikulum en onderwyserontwikkeling
4.	Onderwysers	Plasing; ontplooiing en onderwyserontwikkeling
5.	IKT	Kinders na die 21ste eeu
6.	Kha ri Gude	Verbeterde implementering, evaluering, monitering en evaluering
7.	Biblioteekdienste	Vorm sentrum van werk. Fokus op Madiba-dag.
8.	Landelik	Multigraad, klein en mikro samesmeltings en rasionalisering. Leerdervoer
9.	Kurrikulum	Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie (WWT): deelname en verbetering in vordering. WWT-eenheid. Vernuwing: lees-eenheid, tegniese vakke, uitbreiding van swart tale
10.	Vennote en maatskaplike mobilisering	Leerderwelstand en -veiligheid

### 3. Provinsiale konteks

Die provinsie het vir die vyfjaartydperk 2015 tot 2019 vyf Provinsiale Strategiese Doelwitte gestel. Dit behels:

- Strategiese Doelwit 1: Om geleenthede vir groei en werk te skep
- Strategiese Doelwit 2: Verbeter onderwysuitkomste en geleenthede vir jeugontwikkeling.
- Strategiese Doelwit 3: Verbeter welstand en veiligheid en pak die maatskaplike ewels aan
- Strategiese Doelwit 4: Daarstelling van 'n veerkragtige, volhoubare, goeie-gehalte en inklusiewe lewensomgewing
- Strategiese Doelwit 5: Vestig goeie beheer en geïntegreerde dienslewering deur middel van vennootskappe en ruimtelike aanpassing

Die WKOD sal, in aktiewe vennootskap met ander departemente, bydra tot al hierdie doelwitte en veral dié doelwitte wat 'n impak het op die dienste wat vir leerders en hulle welstand nodig is.

Die WKOD sal ook Provinsiale Strategiese Doelwit 5 aktief ondersteun: “Vestig goeie beheer en geïntegreerde dienslewering deur middel van vennootskappe en ruimtelike aanpassing” en die drie uitkomst daarvan:

Uitkoms 1: Versterkte beheer

Uitkoms 2: Inklusiewe samelewing

Uitkoms 3: Geïntegreerde bestuur

Die WKOD is die leierdepartement in die geval van Provinsiale Strategiese Doelwit 2

#### **“Verbeter onderwysuitkomst en geleentheid vir jeugontwikkeling”**

##### **Probleemstelling:**

Studies dui daarop dat kinders in die Wes-Kaap nie op die vereiste vlakke vir verdere onderwys en indiensneming lees, skryf en reken nie. Hierdie grondslagvaardighede bepaal die toekomstige vooruitsigte en lewenskanse van alle kinders.

Daar bestaan 'n groot ongelykheid in die gehalte van onderwys wat aan Wes-Kaapse kinders gebied word en dit word vererger deur wydverspreide sosio-ekonomiese probleme. Hierdie twee probleme moet toenemend in ons skole en deur 'n hele-samelewing-benadering aandag geniet.

##### **Strategiese uitkomst:**

1. 'n Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole
2. 'n Toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat en gelykwaardige kwalifikasies
3. 'n Verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in ons meer behoeftige gemeenskappe
4. Die voorsiening van meer sosiale en ekonomiese geleentheid vir ons jeug
5. Verbetering van gesinsondersteuning aan kinders en die jeug en fasilitering van ontwikkeling

Die WKOD dryf hierdie strategiese doelwit in oorleg met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en die Departement van Kultuursake en Sport.

Twee ‘spelwysigers’ en een ‘lewende laboratorium’ is vir hierdie doelwit geïdentifiseer. Die spelwysigers (fokusarea vir aandag/aksie waarin die maksimum voordeel ervaar word om 'n verskil in mense se lewens te maak) is 1. e-Leer en 2. na skool.

1. In die geval van e-Leer is die projek reeds op implementeringstadium met die volgende as fokus:

##### **Die wye-area-netwerk (WAN)-projek** – projek van die provinsiale regering.

Die WAN-projek sal skole in alle kwintiele voorsien van hoë-spoed konnektiwiteit aan die internet, asook interkonnektiwiteit tussen skole, distrikskantore en hoofkantoor.

In die tydperk 2016/17 sal geïdentifiseerde skole deur middel van die WAN verbind word.

##### **Die plaaslike-area-netwerk (LAN)-projek** – projek van die WKOD.

Die LAN-projek sal draadlose toegang tot die konnektiwiteit en interkonnektiwiteit van die WAN voorsien.

100 skole in kwintiel 1, 2 en 3 en spesiale-behoefte-skole sal in die tydperk 2016/17 LAN'e ontvang.

### **Die Rekenaartoeëpassingstegnologie, Inligtingstegnologie en Ingenieurswese, Grafika en Ontwerp (RTT/IT/IGO) Rekenaarherlaai-projek**

Die tegnologieherlaai-program is 'n sikliese een wat die kritieke behoeftes aanspreek van skole wat die vakke RTT, IT en IGO aanbied.

88 skole in alle kwintiele sal in die tydperk 2016/17 geëvalueer word om te bepaal of tegnologieherlaai nodig is en sal die nodige opgraderings ontvang.

Die **EduLab Rekenaarherlaai-projek** verskaf beskikbare en gepaste tegnologie aan skole deur leerders van regstreekse toegang tot tegnologie in 'n IKT-suite-omgewing te voorsien.

Befondsing deur weldoeners sal in die tydperk 2016/17 gewerf word om ongeveer 75 skole te help om die tegnologie in hulle IKT-laboratoriums te herlaai.

Die **Slim Klaskamer-projek** voorsien beskikbare en gepaste tegnologie aan skole. Die tegnologie bestaan gewoonlik uit 'n onderwyser-rekenaartoestel, onderwyser-projeksietoestel, onderwyser- interaktiewe toestel en 'n visualiseerdertoestel (ook bekend as 'n dokumentkamera). Die tegnologie is hoofsaaklik draadloos en het oppak-en-gaan-mobiliteit.

400 slim klaskamers in ongeveer 37 skole in kwintiel 1, 2, 3 en 4 en skole vir leerders met spesiale behoeftes word in die tydperk 2016/17 beoog.

Die **e-Portaal-projek** is 'n projek vir aanlyn digitale inhoud.

Die e-Portaal bied 'n diensgerigte benadering met inagneming van die verskeie gebruikers-behoeftes, bv. 'n leerder, 'n ouer, 'n onderwyser. Werk hieraan het begin en die portaal is geloods en vir oplaai en gebruik geopen.

Die hulpbronne beskikbaar aan gebruikers sal in die tydperk 2016/17 uitgebrei word.

Die **Leerbestuurstelsel-projek** (LBS) behels 'n digitale hulpbronbewaardeplek en poog om onderwysers, leerders en ouers van digitale onderrig- en leerhulpbronne te voorsien.

Die WKOD se LBS sal gedurende 2016/17 by die e-Portaal-projek geïnkorporeer word om 'n allesomvattende ekostelsel van aanlyn aansoeke te skep.

Alle bogenoemde projekte sal van die nodige opleiding en ondersteuning vergesel word.

- Die Naskool-projek word tans verfyn. Die doelwit van die program word uitgedruk as: "Wes-Kaapse leerders se gereelde (ten minste twee keer 'n week) en volgehoue (70% of meer van die tyd) deelname aan naskoolse aktiwiteite wat tot positiewe jeugontwikkeling bydra". Die leierdepartement is die Departement van Kultuursake en Sport en die fokus is op die skole wat deel uitmaak van die MOD- naskoolse program (massa geleentheid en ontwikkeling).

Die prestasie-aanwysers is:

- terreine met 'n bemagtigende omgewing vir naskoolse programme (NP)
- Getal leerders in geen-fooi-skole met toegang tot NP
- Getal leerders met toegang tot gehalte-programmering
- % leerders wat gereeld en konsekwent deelneem
- Verbetering in leerderuitkomst op skool



Die teikens vir 2019 is

- 10% van WK-leerders in geen-fooi-skole met toegang tot veilige naskoolse ruimtes (56 000)
- 8% van WK-leerders in geen-fooi-skole met toegang tot gehalte-geleentheid op twee gebiede van belangstelling (dubbelpilaar-programmering) (44 800)
- 2% van WK-leerders in geen-fooi-skole met toegang tot omvattende gehalte-programmering (11 200)

Die WKOD sal tot hierdie projek bydra deur die MOD-sentrums te ondersteun. Hierdie sentrums ondersteun naskoolse verryking in die vorm van studie en sport. Daarbenewens sal die WKOD die Jeugfokus-program bestuur, wat tot voordeel is van geïdentifiseerde Graad 9-leerders wat ingeskryf het om die graad meer as twee keer te herhaal deur hulle toe te laat om 'n pasgemaakte kursus by 'n tegniese, beroepsgerigte onderwys- en opleidingskollege (TBOO) of onderwys- en opleidingsentrum vir volwassenes (OOV) by te woon.

3. 'n Ander belangrike ingryping ingevolge die Provinsiale Strategiese Plan is 'n loodsprojek vir Graad R-3 in 105 skole met swak akademiese uitslae om Engels en wiskunde te versterk.

Die WKOD sal oor die volgende vier jaar 'n loodsprojek by 105 skole implementeer. Dit beteken dat 'n gefokusde ingryping in 2015/16 ontwerp en beplan is en in die vier jare 2016 tot 2019 geïmplementeer, ondersteun en gemonitor sal word.

Die ontwerp is afgelei uit verskeie studies wat in Wes-Kaapse laerskole onderneem is, veral die Universiteit Stellenbosch Graad 3-studie en die Universiteit van Kaapstad se SPADE-projek.

Die belangrikste bevindings en aanbevelings eie aan hierdie studies is:

- Die behoefte aan bevoegdheidstoetse en noukeurige seleksie van departementshoofde vir die grondslagfase en hulle vermoë en tyd om ondersteuning in én buite die klas te bied.
- Die teenwoordigheid en geïntegreerde gebruik van groot boeke, leesboeke, handboeke, werkboeke en toerusting vir die grondslagfase.
- Die ontwikkeling en gebruik van norme vir vordering in lees, skryf en wiskunde in elke kwartaal van Graad R-3.
- Bepaling van onderwysers se vermoë om Engels Eerste Addisionele Taal te onderrig en om opleiding hiervoor te verskaf.

Die WKOD-model, wat soveel van bovermelde elemente as moontlik sal bevat, is in 'n gevorderde stadium van voorbereiding. Die skole is geïdentifiseer. Twintig miljoen rand is voorsien vir die aankoop van tablette vir geselekteerde skole.

Volgende stappe:

- Die opleidingsprogram sal ontwikkel word op grond van die behoeftes wat in 'n volwassene geïdentifiseer is
- Ouers moet in kennis gestel word.
- Leer- en onderrigmateriaal sal voorsien word, soos nodig.
- Norme vir lees en skryf is ontwikkel en onderwysers sal hierin opgelei word asook in die administrasie van kwartaallikse vroeë-graad assesserings vir lees.

## 4. Bygewerkte situasionele ontleding

### 4.1. Prestasieleweringsomgewing


Die bevolking van die Wes-Kaap het **tussen 2001 en 2011 met 28.7%** gegroei, en groei steeds. Volgens die 2011 sensus wat deur Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) vrygestel is, is die Wes-Kaap 'n tuiste vir omtrent 5 822 734 mense, wat 11% van Suid-Afrika se totale bevolking verteenwoordig.

Soos verwag kan word, was daar ook 'n toename in die getal leerders wat by openbare skole ingeskryf is.

Sektor	2012	2013	2014	2015 JSO	Verskil
					2012 – 2015
Graad R in OG skole	58 953	59 565	63 492	64 648	5 695
Graad 1 – 7 in OG skole	592 033	603 430	617 424	639 197	47 164
Graad 8–12 in OG skole	342 959	343 616	346 017	344 906	1 947
Spesiale-behoefte-skole	19 470	19 627	18 702 <sup>1</sup>	18 777	-693

Die grootste enkele faktor wat alle beplanning en voorsiening in die onderwys beïnvloed, is die inskrywing van leerders. Die WKOD het toenemend Algemene Huishoudelike Opname-data en ander tendensontledings vir vooruitskattings en beplanning vir leerderinskrywings gebruik. Doeltreffende onderrig en leer hang af van 'n geskikte onderwyser:leerder-verhouding, fasiliteite en handboeke wat in plek is. Die toename in inskrywings in onlangse jare het tot aansienlike druk op akkommodasie en personeelvoorsiening in groot dorpe en die Stad Kaapstad gelei. Die grootste groei word in laerskole ervaar. Terselfdertyd word kwynende getalle in dele van die provinsie ondervind.

Beplanning vir inskrywing vereis die gebruik van alle beskikbare data. Die verhoogde getal kinders in die provinsie sal vir 'n paar jaar druk op akkommodasie in skole plaas.




<sup>1</sup> Die klaarblyklike daling in 2014 se inskrywingsgetalle is as gevolg van die herklassifisering van drie skole as openbare gewone skole.

Inskrywing by openbare gewone skole													
Jaar	Gr 1	Gr 2	Gr 3	Gr 4	Gr 5	Gr 6	Gr 7	Gr 8	Gr 9	Gr 10	Gr 11	Gr 12	Totaal
2004 <sup>2</sup>	104 105	82 130	81 489	76 781	66 060	82 574	89 614	85 053	78 964	80 756	54 199	39 451	921 176
2005	93 515	94 231	80 695	80 809	74 984	66 141	81 953	88 778	82 169	81 577	56 657	39 303	920 812
2006	87 650	85 972	89 828	80 443	77 811	73 106	65 347	78 926	80 595	83 529	57 536	40 198	900 941
2007	92 818	82 562	83 914	89 973	78 674	78 021	72 733	66 406	80 697	86 495	61 938	42 624	916 855
2008	91 853	83 267	79 454	85 891	87 116	78 290	76 146	71 410	72 914	79 133	63 819	43 470	912 763
2009	93 601	82 158	80 385	83 150	82 382	85 621	76 262	75 227	79 795	68 405	60 812	45 692	913 490
2010	98 086	83 046	79 155	84 234	80 290	81 402	82 777	75 426	85 114	70 630	53 799	44 876	918 835
2011	100 423	85 216	79 489	83 490	80 205	79 022	78 207	81 312	84 957	73 470	56 995	38 990	921 776
2012	103 444	88 536	81 415	83 922	79 900	78 384	76 432	77 561	90 815	72 714	58 758	43 111	934 992
2013	104 678	93 506	85 762	85 599	79 210	78 437	76 238	75 528	87 132	78 812	56 109	46 035	947 046
2014	106 917	97 647	89 385	90 617	81 441	76 690	74 727	76 000	82 714	75 838	64 619	46 846	963 441
2015	<b>108 233</b>	<b>101 934</b>	<b>94 342</b>	<b>95 212</b>	<b>84 554</b>	<b>79 250</b>	<b>75 641</b>	<b>75 753</b>	<b>79 114</b>	<b>72 430</b>	<b>63 220</b>	<b>54 390</b>	<b>984 073</b>

Databron: 2015: Jaarlikse Skoolopname (Openbare gewone skole buiten leerders in LSOB-eenhede)

Die tabel hierbo toon 'n algehele toename van 62 897 leerders oor die 12-jaar siklus (2004 – 2015). Die tabel illustreer 'n beduidende groei in die inskrywing in Graad 1 en die impak van verbeterde retensie tussen Graad 10 en 12.


In-migrasie na die provinsie bly steeds 'n belangrike bydraer tot inskrywingsyfers en verhoog die druk op alle hulpbronne.



Yr = Jr

<sup>2</sup> Inskrywingspatrone is beïnvloed deur die verandering wat in 2000 op nasionale vlak aangebring is met die beleid oor die toelatingsouderdom vir Graad 1, wat skole toegelaat het om slegs leerders toe te laat wat in die eerste skooljaar sewe word. Gevolglik was die Graad 1-inname laer as in vorige jare. Toe die ouderdomsvereiste in 2004 weer verander het, was daar weereens 'n toename in inskrywings. Dit word in hierdie tabel aangetoon.


Die Wes-Kaap is die provinsie wat die tweede vinnigste groei.




Die Wes-Kaap ervaar 'n groter netto migrasie as die meeste ander provinsies.


Wes-Kaapse volwassenes het 'n gemiddeld van 9.9 jaar van skoolonderwys voltooi. Hierdie syfer word slegs oorskry deur Gauteng met 10.5 jaar. Die nasionale gemiddeld is 9.3 jaar.

Die grafiek hieronder toon onlangse vordering in slaagkoerse aan. Die getalle in Graad 1 en 9 is 'n aanduiding dat 'n aantal leerders hierdie grade herhaal. Hierdie aangeleenthede ontvang aandag en daar is spesiale ingrypings om die slaagsyfer te verbeter.





Daar is tekens van verbetering ten opsigte van leerderretensie, soos deur die volgende statistieke aangedui.



## Gehalte van leer

### Primêre skoolonderwys

Die gehalte van Laerskool-onderwys in die Wes-Kaap is oor die afgelope 13 jaar deur die program van sistemiese toetsing van Graad 3, 6 en 9 in taal en wiskunde nagespoor.

Die WKOD het vanaf 2002 tot 2009 in afwisselende jare taal- en wiskundetoetse vir Graad 3- en 6-leerders geadminestreer om vordering te monitor en probleme te diagnoseer. Die WKOD het in 2010 vir die eerste keer alle leerders in Graad 3 en 6 getoets om die stand van leer in taal en wiskunde in elke skool in die provinsie te bepaal. Dit was ook die eerste keer dat Graad 9-leerders in 'n loodsoefening getoets is om 'n basislyn te bepaal. Die WKOD het in 2011 die vlak van kognitiewe uitdaging in die taaltoetse verhoog ten einde 'n nuwe minimumstandaard vir die provinsie te stel. Daar is spesifiek langer en meer komplekse tekste by die toetse ingesluit ten einde die toetsitems vergelykbaar te maak met items wat in internasionale toetse op hierdie vlakke gebruik word.

Toetse word elke jaar in Oktober geskryf en die uitslae word in die eerste week van die skoolkwartaal aan skole voorsien. Die uitslae word deur skole gebruik om akademiese aktiwiteite vir die jaar te beplan en om hulle skoolverbeteringsplanne en teikens saam te stel. Daarbenewens word die uitslae gebruik om toepaslike ondersteuning vir skole te beplan.

Uitslae van WKOD Graad 3, 6 en 9 Sistemiese Toetse 2014/2015 – Openbare gewone skole												
	Graad 3				Graad 6				Graad 9			
	Wiskunde		Taal		Wiskunde		Taal		Wiskunde		Taal	
	2014	2015	2014	2015	2014	2015	2014	2015	2014	2015	2014	2015
<b>Slaag %</b>	54	57.6	42.4	42.4	30.4	37.7	37.9	36.8	14.9	22.2	47.6	53

'n Slaagpunt is 50%. Die toetsuitslae sedert 2011 toon verbeterings oor alle grade in albei vakke.

As gevolg van verskille tussen die vakbonde en die Departement van Basiese Onderwys, is die Jaarlikse Nasionale Asseserings nie in 2015 afgelê nie. Sommige skole het die toetse geskryf, maar die uitslae is nie formeel vasgelê nie en is ook nie aan die normale kontroles onderwerp nie.

## Nasionale Senior Sertifikaat

2015 was die agtste jaar van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-eksamen. Die WKOD het 'n slaagkoers van 84.7% behaal. Daar was 'n rekordgetal van 45 496 kandidate wat geslaag het, waarvan 22 379 (41.7%) geslaag het met uitslae wat vir hulle toegang tot studies vir 'n B-graad toelaat. 12 397 leerders het wiskunde met 'n verbeterde slaagkoers van 74.9% geslaag. Die 2015-slaagkopers vir natuurwetenskap was 73.3%. Die getal leerders wat geslaag het, was 8 813.

WKOD Vergelykende NSS-uitslae 2010 – 2015						
Jaar	Geskryf	Geslaag	% Geslaag	Toegang tot B- graad	% Toegang tot B-graad	Skole met slaagkoers <60%
2010	45 783	35 139	76.8	14 414	31.5	78
2011	39 988	33 146	82.9	15 215	38.1	30
2012	44 700	36 992	82.8	16 319	36.5	26
2013	47 636	40 558	85.1	19 477	40.9	23
2014	47 709	39 237	82.2	18 524	38.8	31
2015	53 721	45 496	84.7	22 379	41.7	27

Die WKOD mik om die getal leerders wat die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen aflê en slaag, te verhoog. Die Distriksverbeteringsplanne fokus hierop en sit strategieë en planne vir implementering dienooreenkomstig uiteen.

### Verhaalprogram

Die WKOD, in oorleg met ander regeringsdepartemente en burgerlike organisasies, poog om die uitwerking van armoede en misdaad op leer op vier hoofmaniere te beperk.

1. Geen-fooi-skole en vrystelling van skoolgeld by fooibetalende skole;
2. Verskaffing van voedsel deur die Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP);
3. Leerdervoerskemas en
4. Veiligheidsmaatreëls.

Die getal leerders wat in 2015 deur hierdie vorme van maatskaplike ondersteuning bevoordeel is, is soos volg:

	2011	2012	2013	2014	2015
Leerders wat deur die geen-fooi-opsie (NK 1-3) bevoordeel word; ook vanaf 2014 ingesluit: Die getal bykomende leerders (NK4 en NK5) wat vrywillig as geen-fooi-leerders verklaar is.	365 812	370 617	371 122	554 523	566 968
Leerders wat deur vrystelling van skoolfooi bevoordeel word	48 063	69 940	90 506	103 988	73 342
Leerders wat baat by die voedingsprogram (NK 1-3) en geselekteerde NK 4 en 5, gegrond op behoefte	426 707	427 576	438 437	454 855	465 480
Leerders wat leerdervoer-skemas gebruik	50 992	50 526	49 944	52 065	58 252

Hierdie programme sal in 2016 voortduur. Die getal leerders wat baat, sal afhang van getalle in skole in Kwintiel 1-3 en op die getal aansoeke in die kategorieë vervoer en fooivrystelling.

Die *Norme-en-Standaarde*-toekennings aan skole word geweeg sodat skole in die meer behoeftige gemeenskappe meer fondse toegeken word. Die 'per-leerder'-bedrae wat aan openbare skole in Nasionale Kwintiel 1, 2 en 3 betaal is, is in 2013/14 gelykgemaak; met ander woorde, NK 2- en -3 skole ontvang dieselfde befondsing as NK 1-skole.

<b>Nasionale teikentoe Kennings</b>			
	<b>2014/15</b>	<b>2015/16</b>	<b>2016/17</b>
Kwintiel 1	R1 059	R1 116	R1 144
Kwintiel 2	R1 059	R1 116	R1 144
Kwintiel 3	R1 059	R1 116	R1 144
Kwintiel 4*	R 830	R 882	R 909
Kwintiel 5*	R 317	R 334	R 345
* <i>Gemiddelde koste vir alle skole</i>			

<b>Status van fooie</b>	<b>Totale getal skole</b>
<b>Geen fooi</b>	<b>884</b>
<b>Vra skoolfooie</b>	<b>572</b>
<b>Groottotaal</b>	<b>1 456</b>

Die geen-fooi-skool-program is in 2014 uitgebrei. 216 skole met 172 541 leerders in Kwintiel 4 en 5 het geen-fooi-skole geword nadat hulle om geen-fooi-status aansoek gedoen het.

Skole wat skoolfooie vra kan om vergoeding vir fooivrystelling aansoek doen in gevalle waar ouers nie die skoolfooie kan betaal nie. R43.7 miljoen is in 2015 betaal om fooivrystelling vir 73 342 leerders in 548 skole te ondersteun.

#### *Samewerkende Skole-loodsprojek*

Die WKOD is deur 'n groep befonders en steunorganisasies genader om 'n verskillende model vir geen-fooi-openbare-skole te toets en met finansiering te help. Hierdie benadering het tot 'n loodsprojek genaamd 'Samewerkende Skole' gelei.

Funksionerende vennote sal deur middel van opleiding, bykomende hulpbronne, monitering en gereelde terugvoer intensiewe skool-vlak ondersteuning aan onderwysers en skoolhoofde voorsien. Ondersteuning deur die WKOD sal geïntegreer word met dié wat deur die funksionerende vennoot aangebied word, met samewerkende skole wat ingevolge heersende beleid steeds befondsing, infrastruktuur en dienste soos vervoer en voeding van die WKOD ontvang.

Die Samewerkende Skole-loodsprogram het ten doel om:

- die gehalte van onderwys by openbare skole te verbeter;
- doeltreffende modelle van vennootskappe in onderwys te demonstreer;
- beheer en aanspreeklikheid in openbare skole te versterk;
- opvoeders te ontwikkel; en
- ingrypings gemik op die verbetering van die gehalte van openbare onderwys vir leerders uit lae-inkomste-gemeenskappe te implementeer.



Die loodsprojek vind plaas oor 'n reeks verskillende skole, van bestaande tot nuwe skole, van laerskole tot sekondêre skole, en van lang gevestigde tot meer onlangs gevestigde skole, om die bruikbaarste bewysgrond te skep waaruit gevolgtrekkings oor die projek gemaak kan word. Die loodsprojek sal in 2016 in vyf skole bekendgestel word en sal vir 'n tydperk van vyf jaar voortduur na gelang van die prestasie van die vennote en die skole.

Die *Nasionale Skoolvoedingsprogram (NSVP)* het in 2015 op 'n daaglikse basis vir meer as 465 480 leerders van voedsame maaltye by 1 023 geteikende laerskole, sekondêre en spesiale skole voorsien. Die leerders wat in 2016 gevoed moet word, is in 557 laerskole in Kwintiel 1 tot 3; 111 sekondêre skole in Kwintiel 1 tot 3; 44 spesiale skole en geïdentifiseerde leerders in 311 laer- en sekondêre skole in Kwintiel 4 en 5.

Gekookte maaltye sluit onder meer rys, mielies, soja-maalvleis, sardyne en groente in. Ongekookte maaltye sluit brood met grondboontjebotter en konfyt, voedsame drankies, vars vrugte en groente in. 200 ml melk word een keer 'n week voorsien. Die WKOD se NSVP het sedert die 2013/2014-boekjaar ook vyf dae 'n week ontbyt verskaf. Die fokus in 2016/17 sal op die verhoging van die voedingswaarde van maaltye wees.

Die Veilige Skole-inbelsentrum ontvang tot 20 000 oproepe per jaar van leerders, ouers en onderwysers. Baie oproepe is versoeke om inligting oor hoe om sekere bedreigings te hanteer, inligting oor MIV en Vigs, tienerswangerskappe of prosedures oor wangedrag. Sekere oproepe hou verband met mishandeling (liggaamlik, emosioneel, middelmisbruik). Die Veilige Skole-inbelsentrum bied ondersteuning met aanvanklike aanlyn ondervraging, waarna elke saak vir in-diepte berading verwys word, waar nodig. Die inbelsentrum skakel in by 'n uitgebreide netwerk van diensverskaffers wat kliënte se behoeftes ondersteun. Voorts bied die inbelsentrum ook ondersteuning met kwessies rakende:

- Noodgevalle/krisisse wat bendegegeweld en trauma insluit
- Skoolmisdaad wat eiendomsverwante misdaad en fisiese en sielkundige aanranding insluit
- Mishandeling in alle vorme
- Algemene navrae

Dit sal in 2016 voortduur.

Ondersteuning vir veiligheid word aan alle skole voorsien. Sekuriteitsmeganismes word toegeken om behoeftes en risiko's aan te spreek nadat 'n basislyn-oudit voltooi is. Die WKOD sal in 2016 kern-sekuriteitsmeganismes aan 50 geselekteerde skole voorsien. 'n Aantal ander skole sal ook bygestaan word met ondersteuning vir toegangsbeheer. Die WKOD sal vakansie- en naskoolse programme uitbrei d.m.v. jeugontwikkeling en die instelling en ondersteuning van Veilige Skole-jeugklubs. Daar sal 'n sterk belyning van die Veilige Skole se naskoolse program met die Wes-Kaapse Regering se Naskool-spelwysiger wees.

Skole word veilig gehou deur middel van fisiese veiligheidsmaatreëls, samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisie, die Stad Kaapstad (metropolise en wetstoepassing) en gemeenskapsbetrokkenheid om skole te beskerm. Daarbenewens sal die WKOD, in samewerking met ander regeringsdepartemente en die SAPD, lukrake inspeksies en inbeslagneming asook toetse vir dwelms uitvoer. Die loodsprogram, waarin opgeleide Skoolveiligheid-hulpbronbeamptes in 2013 by ses skole in oorleg met die Stad Kaapstad (Metropolise) ontplooi is, het voordele opgelewer en gelei tot 'n nuwe ooreenkoms om vanaf 1 Junie 2015 vir 18 skole op hierdie wyse te ondersteun ten einde 'n veilige omgewing vir onderrig en leer te voorsien.

Die Veilige Skole-eenheid gebruik strategieë vir misdada voorkoming wat die volgende insluit:

- Konfliktbestuur
- Opleiding in rampbestuur / Wet op Beroepsgesondheid en -veiligheid
- Middelmisbruik
- Anti-afknouery
- Organisasoriese Ontwikkeling
- Noodhulp-opleiding
- Veiligheidsbewustheid/-voorspraak

Volgens 'n UNODC (2012) opname oor middelmisbruik, riskante gedrag en geestesgesondheid van Graad 8-10 leerders in die Wes-Kaap, is 44% Graad 10-leerders seksueel aktief, is 27.6% jeugdige op skool gereelde rokers, is 22.4% jeugdige op skool daaglikse drinkers, is 10% gereelde daggarokers en is 2.5% gebruikers van harde dwelms. Die Lewensvaardighede-kurrikulum in skole en programme van die Departemente van Gesondheid, Kultuursake en Sport en Maatskaplike Ontwikkeling sal 'n gesamentlike en geteikende ingryping voorsien om sosiale euwels en die negatiewe gevolge daarvan op families en op leerders aan te spreek. Besonderhede word in die Provinsiale Strategiese Plan vir 2015 – 2019 onder Provinsiale Strategiese Doelwit 3 verskaf. *Verbeter welstand en veiligheid en pak die maatskaplike euwels aan.*

Die *leerdervervoerskema* verskaf busvervoer skool toe en terug aan ongeveer 55 000 leerders, grotendeels in landelike gebiede. Noukeurige bestuur van hierdie stelsel is noodsaaklik om die veiligheid van leerders te verseker. Die beleid maak voorsiening vir vervoer aan leerders van landelike gebiede wat vyf kilometer of meer vanaf die naaste geskikte skool woon. Die voortgesette groei in leerdergetalle beïnvloed steeds behoeftes. Daar is tans 531 roetes in die vervoerskema, hoofsaaklik in die landelike gebiede. In 2016 sal roetes en getalle kwalifiserende leerders bevestig word en die beste manier om aan akkommodasie- en vervoerbehoefte te voorsien, sal bepaal word.

## 4.2. Organisasoriese omgewing

Die WKOD poog om reaktiewe en doeltreffende dienste te lewer en die departement se sakeprosesse en -stelsels te verbeter. Die hoofkantoor en agt distrikskantore van die WKOD is gestruktureer en ontwerp om spoedige en deskundige dienste en ondersteuning aan skole en onderwysers te voorsien.

### Infrastruktuur- en hulpbronbehoefes van die departement

#### Infrastruktuurbehoefes

Die huidige kantoorruimte vir die WKOD is soos volg:

Hoofkantoor	Hoofgebou van die hoofkantoor is in die Grand Central-gebou geleë. 'n Aansienlike aantal personeel word egter ook in die Sanlam-gebou, Goue Akker gehuisves.	Albei geboue is gehuurde eiendom. Provinsiale Tesourie het 'n publieke-private vennootskap goedgekeur om 'n nuwe hoofkantoor vir die WKOD, nader aan die parlementêre buurt, op te rig. Die nuwe kantoor sal alle hoofkantoorpersoneel onder een dak huisves.
Distrikskantore	Daar is agt distrikskantore: 1. Metro Noord (in Parow) 2. Metro Suid (in Mitchells Plain) 3. Metro Sentraal (in Maitland) 4. Metro Oos (in Kuilsrivier) 5. Weskus (in Paarl) 6. Kaapse Wynland (in Worcester) 7. Eden/Sentraal Karoo (in George) 8. Overberg (in Caledon)	Die gebou in George is 'n gehuurde gebou. Die WKOD sal binnekort na die York-gebou verhuis, wat provinsiale eiendom is. Beplanning vir die konstruksie van 'n nuwe distrikskantoor vir Metro Suid is op 'n gevorderde stadium. Die terrein in Ottery ondergaan tans 'n proses van hersonering. Daar is langtermynplanne om die Weskus-kantoor van die Paarl na Malmesbury.
Dienspunte	Skole word ook deur verskillende dienspunte gediens, wat meestal in die landelike gebiede geleë is. Hierdie dienspunte is te: 1. Vishoek 2. Lenteguur (Mitchells Plain) 3. Stellenbosch (gehuur) 4. Paarl 5. Swellendam 6. Knysna (gehuur) 7. Vredenburg (gehuur) 8. Vredendal 9. Riversdal (gehuur)	10. Robertson (Thusong-sentrum) 11. Mosselbaai 12. Oudtshoorn 13. Clanwilliam 14. Ceres 15. Malmesbury 16. Piketberg (gehuur) 17. Ottery Die doel van die dienspunte is om dienste nader aan die WKOD se kliënte (ouers/skole/onderwysers) te bring.
Ander geboue	Edulis-biblioteekdienste. In gehuurde akkommodasie in Bellville Edumedia – in Mowbray.	Konstruksie van die nuwe Edulis-gebou op die KOLI-kampus sal in 2016/17 'n aanvang neem.

## Hulpbronbehoefte

WKOD-amptenare gebruik gestandaardiseerde rekenaartoerusting wat onder waarborg en ingevolge korporatiewe IKT-standaarde is. Die WKOD moet verseker dat die rekenaartoerusting van eindgebruikers voldoen aan die WKR-standaard en dat dit binne 'n drie-jaar siklus herlaai word ingevolge die beleid oor hulpbrontoekenning. 'n Begroting van R7.34m is vir die 2016/17-boekjaar toegeken vir die opknapping van standaard- korporatiewe IKT-toerusting (lessenaarrekenaars, skootrekenaars en drukkers). Ongeveer 285 lessenaarrekenaars, vyf skootrekenaars en 380 drukkers sal in 2016 opgeknop word.

## Onderwysvoorsiening

Die WKOD bestaan uit die provinsiale ministerie van onderwys met die Minister van Onderwys in die Wes-Kaap aan die hoof, die provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en onderwys-instellings, insluitende gewone en spesiale openbare skole en VKO-terreine.

Die tabelle hieronder toon die getal werknemers en vakatures by die WKOD aan die einde van Desember 2015. Let daarop dat hierdie syfers wissel na gelang van die tyd van die jaar.

Indiensneming en vakatures per program, 31 Desember 2015							
Personeel-groep	Program	Getal befondsde poste	Onbefondsde poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %	Getal persone bykomend tot die dienststaat	Totale getal werknemers
Alle personeel	Program 1	2 083	54	1 875	10	34	1 909
	Program 2	34 859	20	35 146	0	225	35 371
	Program 3	0	0	0	0	0	0
	Program 4	2 931	5	2 799	5	23	2 822
	Program 5	15	0	163	0	0	163 *
	Program 6	0	0	8	0	0	8
	Program 7	183	7	170	7	5	175
	Totaal	40 071	86	40161	0	287	40 448
Opvoeders	Program 1	716	7	675	6	19	694
	Program 2	28 598	1	28 955	0	133	29 088
	Program 3	0	0	0	0	0	0
	Program 4	1 837	0	1809	2	13	1 822
	Program 5	15	0	163	0	0	163 <sup>3</sup>
	Program 6	0	0	0	0	0	0
	Program 7	49	0	57	0	5	62
	Totaal	31 215	8	31 659	0	170	31 829
Staatsdienspersoneel	Program 1	1 367	47	1 200	12	15	1 215
	Program 2	6 261	19	6 191	1	92	6 283
	Program 3	0	0	0	0	0	0
	Program 4	1 094	5	990	10	10	1 000
	Program 5	0	0	0	0	0	0
	Program 6	0	0	8	0	0	8
	Program 7	134	7	113	16	0	113
	Totaal	8 856	78	8 502	4	117	8 619

<sup>3</sup> Program 5: Poste van opvoeder: preprimêr word afgeskaf soos hulle vakant raak. Die WKOD het 'n beleid aanvaar waarvolgens die fondse gekoppel aan ontruimde poste deur 'n subsidiebetaling vervang word in 'n poging om meer leerterreine vir Vroeëkindontwikkeling te skep. 163 opvoeders in program 5 is preprimêre personeel. Hierdie personeel word in bykomende poste gedra.

Indiensneming en vakatures per salarisband, 31 Desember 2015							
	Salarisband	Getal befondsde poste	Onbefondsde poste	Getal poste gevul	Vakaturekoers %	Aantal bykomend tot die dienstsaak (preprimêre personeel uitgesluit)	Totale getal werknemers
Alle personeel	Laer geskoold (SV 1-2)	3 098	23	3 220	0	25	3 245
	Geskoold (SV 3-5)	4 211	18	3 856	8	54	3 910
	Hoogs geskoold produksie (SV 6-8)	28 627	30	29 386	0	158	29 544
	Hoogs geskoold toesighouding (SV 9-12)	4 090	15	3 654	11	48	3 702
	Senior bestuur (SV 13-16)	45	0	45	0	2	47
	<b>Totaal</b>	<b>40 071</b>	<b>86</b>	<b>40 161</b>	<b>0</b>	<b>287</b>	<b>40 448</b>
Opvoeders	Laer geskoold (SV 1-2)	0	0	0	0	0	0
	Geskoold (SV 3-5)	0	0	0	0	0	0
	Hoogs geskoold produksie (SV 6-8)	27 373	1	28 215	0	127	28 342
	Hoogs geskoold toesighouding (SV 9-12)	3 842	7	3 444	10	43	3487
	Senior bestuur (SV 13-16)	0	0	0	0	0	0
	<b>Totaal</b>	<b>31 215</b>	<b>8</b>	<b>31 659</b>	<b>0</b>	<b>170</b>	<b>31 829</b>
Staatsdienspersoneel	Laer geskoold (SV 1-2)	3 098	23	3 220	0	25	3 245
	Geskoold (SV 3-5)	4 211	18	3 856	8	54	3 910
	Hoogs geskoold produksie (SV 6-8)	1 254	29	1 171	7	31	1 202
	Hoogs geskoold toesighouding (SV 9-12)	248	8	210	15	5	215
	Senior bestuur (SV 13-16)	45	0	45	0	2	47
	<b>Totaal</b>	<b>8 856</b>	<b>78</b>	<b>8 502</b>	<b>4</b>	<b>117</b>	<b>8 619</b>


Die organogram word as Bylae G aangeheg.

### *Sterk punte en beperkinge in lewering*

Skole word deur bevoegde en ervare spanne distriksamptenare bedien. Baie van hulle werk word deur die Program vir Skoolverbeteringsmonitering ingelig en word ondersteun deur die betrokke afdelings by hoofkantoor. Die jaarlikse Kliëntetevredenheidsopname bekom en monitor terugvoer van skole oor die dienste van die WKOD en alle pogings word aangewend om op enige geïdentifiseerde swakhede te reageer. Die WKOD is tans besig om die diensleweringmodel in die onderwysdistrikte in ooreenstemming met nuwe nasionale posbeskrywings te hersien.

## Ruimtelike verspreiding

Die huidige verspreiding van skole word hieronder aangetoon



### 4.3. Hersiening van wetgewende en ander mandate

Die Minister van Basiese Onderwys het op 8 Januarie 2013 in *Staatskoerant* Nr. 36062 die *Regulasies ten opsigte van Minimum Eenvormige Norme en Standaarde vir Openbare Skoolinfrastruktuur* vir kommentaar gepubliseer. Hierdie Regulasies is ingevolge artikel 5A(1)(a) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)* gepubliseer. Na die aanvanklike publikasie is die hersiene *Regulasies ten opsigte van Minimum Eenvormige Norme en Standaarde vir Openbare Skoolinfrastruktuur* vir kommentaar in *Staatskoerant* Nr. 36837 gedateer 12 September 2013 gepubliseer. Die Minister van Basiese Onderwys het, ná oorweging van die kommentaar en gesprekvoering met die Minister van Finansies, die *Regulasies ten opsigte van Minimum Eenvormige Norme en Standaarde vir Openbare Skoolinfrastruktuur* voorgeskryf, soos gepubliseer op 29 November 2013 in *Staatskoerant* Nr. 37081.

Die *Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* bestaan uit (a) *Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring* vir alle goedgekeurde vakke, (b) die *Nasionale Beleid oor Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12* en (c) die *Nasionale Protokol vir Assesering Graad R-12*. Die *Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (KABV)* spesifiseer in een dokument vir elke vak die onderrigtyd, inhoud, vaardighede, leer-en- onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) wat benodig word en die gewigte en voorskrifte vir assessering. Die KABV is in 2012 in die Grondslagfase en Graad 10, in 2013 in die Intermediêre Fase en Graad 11 en in 2014 in die Senior Fase en Graad 12 geïmplementeer.

Die Departement van Basiese Onderwys het op 19 November 2014 in *Staatskoerant* Nr. 38226 'n beroep gedoen op skriftelike voorleggings van belanghebbende liggame en lede van die publiek oor die wysigings aan die beleidsdokument, *Nasionale Beleid oor Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, met die doel om die volgende beleidsdokumente te wysig: (a) *Nasionale Beleid oor Program- en Bevorderingsvereistes van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, gepromulgeer as *Staatskennisgewing* Nr. 1115 en 1116 in *Staatskoerant* Nr. 36042 gedateer 28 Desember 2012 (Bylae 1); en (b) *Nasionale Beleid insake die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen* (Bylae 2).

Eweneens is 'n beroep op 19 November 2014 in *Staatskoerant* Nr. 38225 deur die Departement van Basiese Onderwys gedoen op skriftelike voorleggings van belanghebbende liggame en lede van die publiek oor die konsep- *Gewysigde Regulasies insake die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, met die doel om die volgende te wysig: (a) *Die Regulasies insake die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R-12*, gepromulgeer as *Staatskennisgewing* Nr. 1114 in *Staatskoerant* Nr. 36041 van 28 Desember 2012 (Bylae 1); en (b) *die Regulasies insake die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen* (Bylae 2).

Die Minister van Basiese Onderwys, handelend volgens artikel 4(1) van die *Wet op die Gebruik van Amptelike Tale, 2012 (Wet 12 van 2012)*, het haar voorneme om 'n taalbeleid vir die Departement van Basiese Onderwys aan te neem in *Staatskennisgewing* Nr. 325 in *Staatskoerant* Nr. 38679 gedateer 7 April 2015 gepubliseer en 'n beroep gedoen op skriftelike voorleggings deur belanghebbendes en belangstellende lede van die publiek. Die konsepbeleid sluit aspekte in soos die gebruik van amptelike tale deur die Departement van Basiese Onderwys, kapasiteitsbou, kommunikasie met lede van die publiek wie se voorkeurtal nie een van die amptelike tale van die Republiek van Suid-Afrika is nie, kommunikasie met lede van die publiek wie se voorkeurtal Suid-Afrikaanse Gebaretaal is en meganismes vir klagtes.

'n Beroep op skriftelike voorleggings deur belanghebbende liggame en belangstellende lede van die publiek is op 5 Mei 2015 in *Staatskoerant* Nr. 38763, *Staatskennisgewing* Nr. 395 van 2015, deur die Minister van Basiese Onderwys gepubliseer, wat die voorneme bekendgemaak het om die *konsepbeleid van die Departement van Basiese Onderwys oor MIV, SOI's en TB* ingevolge artikel 3(4)(o) van die *Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet 27 van 1996)* goed te keur. Die konsepbeleid behels onder meer leidende beginsels en beleidstemas soos bemagtigende omgewing, voorkoming, behandeling, versorging, berading en ondersteuning, impakversagting, werkplekkwessies en die bestuur van beleidsrespons met betrekking tot MIV, SOI's en TB.

'n Beroep op skriftelike voorleggings deur belanghebbende liggame en belangstellende lede van die publiek oor die *konsep wysigingsbeleid insake die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen* is op 25 Mei 2015 in *Staatskoerant* Nr. 38771, *Staatskennisgewing* Nr. 410, deur die Minister van Basiese Onderwys gepubliseer. Die gepubliseerde konsep wysigings het wysigings aan die *Nasionale Beleid oor die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Assessering van die Nasionale Senior Sertifikaat* ingesluit, gepubliseer by wyse van *Staatskennisgewing* Nr. 1081 in *Staatskoerant* Nr. 26789 van 17 September 2004 en gewysig as *Staatskennisgewing* Nr. 827 in *Staatskoerant* Nr. 30267 van 7 September 2007; en *Staatskennisgewing* Nr. 1151 in *Staatskoerant* Nr. 31535 van 31 Oktober 2008.

Die Departement van Basiese Onderwys het 'n kennisgewing in die *Staatskoerant* Nr. 38820 gedateer 25 Mei 2015, *Staatskennisgewing* Nr. 435, gepubliseer waarin goedkeuring verleen is om 'n beroep op skriftelike voorleggings deur belanghebbendes te doen oor die *konsepgewysigde Regulasies vir die Uitreiking van Sertifikate deur die Raad vir Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, ingevolge artikel 27 van die Wet op die Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding, 2001 (Wet 58 van 2001)*. Die konsepregulasies sal sekere artikels van die regulasies wysig by wyse van nuwe invoegings en die skraping van hele artikels wat die uitreiking van sertifikate deur die Raad vir Gehalteversekering van Algemene en Verdere Onderwys en Opleiding sal reguleer.

Die Minister van Basiese Onderwys het, ingevolge artikel 3(4)(l) en 7 van die *Wet op Nasionale Onderwys, 1996 (Wet 27 van 1996)*, deur middel van publikasie in *Staatskoerant* Nr. 39006 gedateer 20 Julie 2015, *Staatskennisgewing* Nr. 620, 'n beroep gedoen vir skriftelike voorleggings deur belanghebbendes oor die *Nasionale Beleid oor die Afneem, Administrasie en Bestuur van die Jaarlikse Nasionale Assessering (JNA)*. Hierdie beleidsdokumente sal die grondslag vorm vir die Minister van Basiese Onderwys om die norme en standaarde te bepaal, asook die prosesse en prosedures vir die afneem, administrasie en bestuur van die jaarlikse nasionale assessering (JNA), wat deel vorm van leerderprestasie soos bepaal in artikel 6A(2) van die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)*. Hierdie beleid sal dus vir alle openbare en onafhanklike skole geld.

Die Minister van Basiese Onderwys, ingevolge die *Wet op Nasionale Onderwys, 1996 (Wet 27 van 1996)* en die *Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996)* het 'n beroep op skriftelike voorleggings van belanghebbende liggame en lede van die publiek oor die *konsepregulasies insake Minimum Eenvormige Norme en Standaarde vir Provinsiale Onderwyserontwikkeling-institute en Distrik-Onderwysontwikkelingsentrums in Suid-Afrika* in *Staatskoerant* Nr. 39038, *Staatskennisgewing* Nr. 657, gedateer 31 Julie 2015 gepubliseer. Die doel van die konsep-regulasies is om 'n regulatoriese raamwerk te voorsien om sekere van die belangrikste kwessies rakende die rolle van institute en sentrums waarna daar in die dokumente verwys word, aan te spreek, met 'n spesifieke fokus op infrastruktuur en toerusting, personeelvoorsiening, korporatiewe beheer en bestuur en befondsing.

*Staatskennisgewing* Nr. 482, gepubliseer in *Staatskoerant* Nr. 38822 van 29 Mei 2015, verklaar die voorneme van die Minister van Openbare Werke om die *Regulasies vir Boubedryfontwikkeling* wat in *Staatskennisgewing* Nr. 692, *Staatskoerant* Nr. 26427 gedateer 9 Junie 2004 gepubliseer is, te wysig.

### **Nuwe provinsiale wetgewende ingrypings**

Die Departement van die Premier het kommentaar van die Wes-Kaap Onderwysdepartement aangevra oor die *Wysigingswetsontwerp op die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport*. Die Wysigingswetsontwerp sal die *Wet op die Suid-Afrikaanse Instituut vir Dwelmvrye Sport, 1997 (Wet 14 van 1997)* wysig.

Die *Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997)* (die Wet) het op 16 Januarie 1998 in werking getree en die eerste wysiging van die Wet is op 6 Desember 2010 goedgekeur. 'n Aantal bepalinge in die Wet het oortollig geraak en 'n paar het oorbodig geraak, aangesien dit nie ooreenstem met toepaslike wetgewende verwickelinge in Suid-Afrika nie.

Die Wysigingswetsontwerp, 2016 het ten doel om die Wet in ooreenstemming te bring deur voorsiening te maak vir sekere beleidsontwikkeling in die huidige onderwyslandskap en sal verder voorsiening maak vir wysigings waar onderwys in twee afsonderlike entiteite verdeel is, naamlik basiese onderwys en hoër onderwys. Dit sal sekere definisies wysig, nuwe definisies insluit en sekere tegniese foute soos verouderde uitdrukkings regstel.



Regulasies ingevolge die Wes-Kaapse Wet op Provinsiale Skoolonderwys, 1997 (Wet 12 van 1997) is soos volg voorberei:

*Die Regulasies vir die Uitreiking van Prestasie-aanwysers wat Bindend is op Openbare Skole, 2015* is op 18 Mei 2015 deur die Provinsiale Minister verantwoordelik vir Onderwys in die Wes-Kaap goedgekeur en in *Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7399* gedateer 2 Junie 2015 gepubliseer. Hierdie regulasies is aan openbare skole gestuur onder die dekking van Omsendbrief 0036 van 2015, gedateer 29 Junie 2015. Hierdie regulasies sit aanwysers vir openbare skole uiteen ten einde die akademiese prestasie van die openbare skool te monitor en evalueer om die departement in staat te stel om die betrokke openbare skole te kan bystaan, adviseer en ondersteun om prestasie te versterk.

*Die Bepaling van die Funksies en Prosedures vir die Instelling en Verkiesing van Verteenwoordigende Rade van Leerders by Openbare Skole* is in die *Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7317*, gedateer 13 Oktober 2014, gepubliseer. Dit is via Omsendbrief 0001 van 2015 aan skole gekommunikeer. Buiten die bepaling van die funksies en prosedures vir die instelling en verkiesing van die Verteenwoordigende Rade van Leerders, maak die dokument ook voorsiening vir die rol en funksies van die Onderwyserskakelbeampte en die pligte verbonde aan daardie beampte as 'n Kiesbeampte vir die verkiesing van die Verteenwoordigende Raad van Leerders by 'n skool.

*Die Regulasies insake die Verklaring van Persoonlike Belange van Lede van Beheerliggame in die Verkryging van Goedere en Dienste vir Openbare Skole* is in *Buitengewone Provinsiale Koerant Nr. 7179* gedateer 18 November 2013 gepubliseer en via Omsendbrief Nr. 0052 van 2012 na skole versprei, vir implementering in 2014. Hierdie regulasies vestig 'n protokol vir lede van beheerliggame om persoonlike belange te verklaar wanneer aangeleenthede rakende die verkryging van goedere en dienste vir skole behandel word en sodoende enige belangebotsings tussen 'n lid en 'n skool uit te skakel.

Die Wes-Kaapse Provinsiale Regering het in 2003 'n rookbeleid vir die provinsie ontwikkel wat bekend staan as die *Rookbeleid van die Wes-Kaapse Provinsiale Administrasie*. As gevolg van wysigings aan wetgewing insake rook in openbare plekke wat sedertdien aangebring is, het die Wes-Kaap Onderwysdepartement 'n konsep-rookbeleid spesifiek vir hierdie departement ontwikkel. Die konsepdokument is vir kommentaar aan alle takke by hoofkantoor en aan distrikskantore beskikbaar gestel. Die dokument is afgehandel en voorberei vir goedkeuring deur die Provinsiale Minister verantwoordelik vir Onderwys. *WKOD Rookbeleid, 2015* is op 15 Desember 2015 deur die Minister goedgekeur en onder dekking van Omsendbrief 0001/2016 versprei.

Regulasies met betrekking tot die Onderwysraad vir die Provinsie van die Wes-Kaap, 2011 is gewysig. Hierdie wysigings sal die samestelling van die Onderwysraad en die lewering van 'n raadgewende verslag aan die Provinsiale Minister opnuut wettig. Wysiging 2015 is op 11 Desember 2015 gepubliseer.

## **5. Beplande ingrypings en programme**

Die WKOD sal op Onderwyserontwikkeling en -ondersteuning en op Skoolbestuur en -beheer fokus ter nastrewing van die drie provinsiale onderwysdoelwitte, naamlik

- 'n Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole;
- 'n Toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat;
- 'n Verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in meer behoeftige gemeenskappe.

Handboeke en infrastruktuur sal in oorleg met die uitbreiding van e-leer voorsien word.

Beslissende en deelnemende ondersteuning en aanspreeklikheid sal die kenmerke van die volgende vier jaar wees, met die voortgesette gebruik en uitbreiding van die e-administratiewe stelsels en die gebruik van die Skoolverbetering- en Distrikontwikkelingsplanne en die Monitering van Skoolverbetering.

Datagedrewe beplanning sal besluite by Hoofkantoor asook op distriksvlak inlig. Die beplanningsprosesse vir skoolverbetering sal op skoolvlak die verbetering van alle kinders se leerervaring en -uitkomst in oënskou neem.

### **Stelsels en ondersteuning vir verbeterde leeruitkomst**

#### *Mensebestuur*

Twee vakaturelyste vir opvoeders word vir 2016 beplan. Die e-werwingstelsel sal toenemend alle aspekte van die werwingsproses vergemaklik. Skole sal in Augustus 2016 van hulle personeeltoewysing vir 2017 in kennis gestel word sodat beplanning en die opstel van roosters tydig kon plaasvind.

Poste van skoolhoof en onderskoolhoof sal in elkeen van die vakaturelyste en op aanvraag geadverteer word. Ten einde stabiliteit van bestuur in skole te maksimaliseer, sal die proses van die finalisering van aanstelling van skoolhoofde, met minimum oponthoud, steeds prioriteit geniet. Aanstellingskriteria, wat in die werwingsadvertensies omskryf word, plaas klem op die feit dat kandidate vir skoolbestuur bewys moet lewer van verbeterings wat hulle in hul vorige poste aangebring het. Bevoegdheidsgebaseerde assesserings sal vir alle kortlyskandidate vir die poste van skoolhoof, onderskoolhoof en departementshoof uitgevoer word as deel van die program om die werwingsproses te versterk.

Die vakaturelyste vir skoolhoofde sal verseker dat skole tydige aanstellings maak en sodoende die gladde oorgang van leierskap verseker. Geskeduleerde induksieprogramme sal nuwe werknemers ondersteun.

#### *Professionele ontwikkeling*

Die professionele ontwikkeling van onderwysers en skoolbestuurders is 'n sleutelfokus van die WKOD. Dit sluit 'n reeks kursusse, seminare en konferensies by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI) in. Benewens intensiewe een- of twee-week kursusse (hoofsaaklik gegrond op spesifieke kurrikulum-, skool-, onderwyser- of leerderbehoefte), bied die KOLI ook verskillende seminare en konferensies oor aktuele opvoedkundige kwessies aan. Benewens die generiese KOLI-opleidingsingrypings, is daar gelokaliseerde ondersteuningsgroepe om onderwerpe en spesifieke behoeftes d.m.v. skool- of area-gebaseerde programme op distriksvlak te behandel. Oor die volgende vier jaar (2016 to 2019) sal toegewyde ondersteuningsinisiatiewe vir onderwys en departementshoofde as deel van die Graad R tot 3 Skole-projek plaasvind. Die bykomende sleutelprogramfokus sal IT-integrasie en die onderrig van leerders met spesiale onderwysbehoefte wees. Dit sal in 2016 voortduur word, saam met die bekendstelling van die nuwe Plan vir Onderwyserontwikkeling vanaf 2016.

In die geval van skoolhoofde sal die fokus op die voorsiening van meer stabiliteit in skole wees, asook op die ontwikkeling en ondersteuning van nuutaangestelde skoolhoofde en diegene wat ekstra mentorskap nodig het. Alle distrikte hou induksiesessies vir nuwe aanstellings as deel van 'n gestruktureerde induksieprogram. KOLI-kursusse in skoolbestuursopleiding sluit die volgende onderwerpe in: *skoolhoof as bestuurder van die kurrikulum; die rolle en verantwoordelikhede van onderhoofde; die rolle en verantwoordelikhede van departements-hoofde, van voornemende skoolhoofde en*

*skoolleiers; die induksie van skoolhoofde en onderhoofde; opleiding van skoolbestuurspanne en bevordering van vroue in bestuur.*

#### *Skoolbestuur en Beheer*

Suid-Afrikaanse navorsingstukke dui op die negatiewe impak van ontwrigting op leer. Daar is dus 'n sterk klem op die behoorlike benutting van onderrigure. Hierdie klem word ondersteun deur kwartaallikse verslagdoening oor leerders en onderwysers se afwesigheid en die beleid oor leerderafwesigheid. Daar sal in 2016 volgehoue klem op die optimale benutting van die skooldag gelê word.

Die *moniteringsprogram* om die Skoolverbeteringsplanne te monitor en ondersteun, sal voortduur. Die belangrikste fokuspunte van monitering is handboeke, wat bestelling en benutting betref; skoolbestuur; die Graad 1- en Graad 9-planne om deurset in hierdie grade te verbeter; kurrikulumdekking; administratiewe voortreflikheid deur die byhou van die skool se SOBIS-inligting; fasiliteitsbestuur en die instandhouding van ablusiegeriewe; betrokkenheid met ouers en die vul van vakatures.

Die WKOD het 'n uitgebreide program van ondersteuning vir skole ontwikkel na afloop van die *verkiesing van nuwe skoolbeheerliggame* in 2015. Die fokus van die opleiding in 2016 sal op die rolle en verantwoordelikhede van SBL-lede wees, wat hulle rol in die aanstelling van skoolhoofde en onderwysers insluit, op korporatiewe beheer en op die ondersteuning van skoolverbeteringsprosesse. Daar sal 'n sterk fokus op hulle rol in finansiële bestuur wees. Daar sal uitdruklike klem geplaas word op die behoefte om ouers op hoogte te hou van en te betrek by opvoedkundige sake en om hul ouerskaprol te versterk. SBL'e sal aangemoedig word om maatreëls in plek te stel om die skoolhoof, personeel en leerders in alle skole te ondersteun.

#### *Voorbereiding vir die 2017-skooljaar*

Die vroeë inskrywingsprogram het 'n stel goed-gepubliseerde datums vir ouers om hul kinders in te skryf en distrikskantore sal inskrywingskomitees en -sentrums instel om ouers van hulp te wees. Die datums vir die afhandeling van die inskrywingsproses is na 'n vroeër datum in 2016 verskuif om met die plasing en beplanning vir 2017 te help.

Alle aspekte van skoolgereedheid vir 2017 sal stelselmatig behandel word. Dit sluit fisiese gereedheid asook gereedheid van die kurrikulum, bestuur en beheer in. Die nodige meubels sal by skole afgelewer word voordat hulle in 2017 hul deure oopmaak. Dit sluit die bevoorrading van nuwe skole in.

Die WKOD sal ook aanmoediging en ondersteuning gee aan skole om sorgsame skole te wees as deel van 'n program van 'Sorg en Ondersteuning vir Onderrig en Leer' wat ondersteuning van ander sektore insluit, byvoorbeeld die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram, in oorleg met die Departemente van Gesondheid en Maatskaplike Ontwikkeling.

## 6. Oorsig van 2016/17 begroting en MTUR-beramings

### 6.1 Uitgaweberamings

BT <sup>4</sup> 001	Provinsiale onderwyssektor – Sleuteltendense					
	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17	2017/18	2018/19
	Werklik	Werklik	Beraam	Beraam	Beraam	Beraam
<b>Inkomste (R'000)</b>						
Billike aandeel	13,898,802	15,089,713	16,377,367	17,454,785	18,929,292	20,032,864
Voorwaardelike toelaes	1,128,656	1,402,076	1,414,010	1,375,283	1,327,950	1,403,924
Befondsing deur skenkers	0	0	0	0	0	0
Ander finansiering (Batefinansiering-surplus)	50,208	62,295	28,886	386,548	0	0
Eie inkomste	33,554	34,689	29,106	30,648	32,180	34,046
<b>Totaal</b>	<b>15,111,220</b>	<b>16,588,773</b>	<b>17,849,369</b>	<b>19,247,264</b>	<b>20,289,422</b>	<b>21,470,834</b>
<b>Betalings per program (R'000)</b>						
1. Administrasie	1,032,806	1,169,176	1,317,782	1,460,007	1,516,125	1,618,029
2. Openbare gewone skoolonderwys (sien verdere verdelings hieronder)	11,359,028	12,156,526	13,154,194	14,086,741	15,039,975	15,889,823
3. Subsidies vir onafhanklike skole	84,648	89,845	95,384	101,298	107,174	113,391
4. Openbare spesiale skoolonderwys	910,338	973,642	1,073,773	1,181,976	1,230,530	1,311,563
5. Vroeëkind-ontwikkeling	465,535	511,778	489,769	665,354	694,331	736,346
6. Infrastruktuur-ontwikkeling	1,054,312	1,439,491	1,439,982	1,454,815	1,428,014	1,509,793
7. Eksamen- en onderwysverwante dienste	204,553	248,315	278,485	297,073	273,273	291,889
<b>Totaal</b>	<b>15,111,220</b>	<b>16,588,773</b>	<b>17,849,369</b>	<b>19,247,264</b>	<b>20,289,422</b>	<b>21,470,834</b>
<b>Betalings vir openbare gewone skole (R'000)</b>						
2.1 Openbare laerskoolvlak	6,597,359	7,276,039	7,697,402	8,205,323	8,667,589	9,092,751
2.2 Openbare sekondêre vlak	4,400,697	4,489,245	5,047,234	5,497,187	5,919,394	6,317,622

<sup>4</sup> BT beteken begrotingstabel

BT <sup>5</sup> 001	Provinsiale onderwyssektor – Sleuteltendense					
	2013/14	2014/15	2015/16	2016/17	2017/18	2018/19
	Werklik	Werklik	Beraam	Beraam	Beraam	Beraam
<b>Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)</b>						
Lopende betalings	12,776,213	13,585,996	15,363,588	16,437,641	17,369,363	18,366,918
Vergoeding van werknemers	11,273,164	12,132,442	13,345,499	14,351,980	15,270,203	16,157,008
▶ Opvoeders	9,536,228	10,253,687	11,275,082	12,119,043	12,880,182	13,616,048
▶ Nie-opvoeders	1,736,936	1,878,755	2,070,417	2,232,937	2,390,021	2,540,960
Goedere en dienste en ander lopende betalings	1,503,049	1,453,554	2,018,089	2,085,661	2,099,160	2,209,910
Oordragte en subsidies	1,585,964	1,780,444	1,465,572	1,753,089	1,837,955	1,944,268
Betalings vir kapitale bates	736,777	1,212,384	1,015,380	1,051,406	1,076,679	1,153,908
Betalings vir finansiële bates	12,266	9,949	4,829	5,128	5,425	5,740
<b>Totaal</b>	<b>15,111,220</b>	<b>16,588,773</b>	<b>17,849,369</b>	<b>19,247,264</b>	<b>20,289,422</b>	<b>21,470,834</b>

ST003	Provinsiale onderwyssektor – Indeling is volgens die posvoorsieningsnorme (2015) gedoen				
Programme/Doel van poste	Poste PL1	Poste PL2	Poste PL3	Poste PL4	Totaal
<b>Poste per model versprei</b>	21 855	4 472	1 492	1 540	29 359
Openbare gewone skoolonderwys	20 532	4 245	1 415	1 472	27 664
Openbare laerskole	12 877	2 589	858	1086	17 410
Openbare sekondêre fase	7 655	1 656	557	386	10 254
Openbare spesiale skoolonderwys	1 323	227	77	68	1 695

Bron: Posvoorsieningsmodel 2015 (afgerond)

Berekenings is gegrond op die Posvoorsieningsmodel vir 2015 om stabiliteit by instellings te verseker.

<sup>5</sup> BT beteken begrotingstabel

## Deel C: Program- en subprogramplanne

### 1. Program1: Administrasie

**Doel:** Om algehele bestuur van die onderwysstelsel te verskaf in ooreenstemming met die Wet op die Nasionale Onderwysbeleid, die Wet op die Bestuur van Openbare Finansiële Bestuur en ander beleidsrigtings

#### Ontleding per program:

Die klem sal in 2016 wees op verbeterde stelsels, wat verwagtinge van streng rekordhouding insluit, op aanspreeklikheid en op behoefte-gebaseerde ondersteuning aan skole.

#### Sleutelfokusareas vir 2016:

- Die belangrikste menslike hulpbrondienste wat deur die WKOD voorsien word, sal die volgende behels: (i) bestuur van die posvoorsieningsproses, met skole wat teen Augustus 2016 ingelig word oor hulle personeeltoewysings vir 2017; (ii) advertering van poste en ondersteuning vir die keuring van hoë-gehalte skoolhoofde en departementshoofde; (iii) bestuur van die Beleid oor Ongeskiktheidsverlof en Aftrede Weens Swak Gesondheid; (iv) werwing en keuring van bekwame werknemers; (v) vergoedingsbestuur; (vi) plasing van gegradueerdes en oortollige personeel; en (vii) goeie arbeidspraktyke met interne en eksterne rolspelers.
- Implementering van die Vyf-jaar Plan vir Onderwyserontwikkeling.
- Verseker dat verkrygingsprosesse op kostedoeltreffendheid en aanspreeklikheid gemik is.
- Skole sal van 'n gestandaardiseerde aanlyn-hulpmiddel voorsien word waarop hulle die Skoolverbeteringsplan kan vaslê. Dit sal skole in staat stel om hulle akademiese tendense te ondersoek ten einde ingeligte besluite oor verbetering en teikens te neem. Aksieplanne in die Skoolverbeteringsplanne (SVP'e) sal geïmplementeer en gemonitor word.
- 'n Aantal geoutomatiseerde sakeprosesse sal aanlyn fasiliteite, toegang, meganismes vir verslagdoening en monitering aan skole, distrikte en Hoofkantoor voorsien.
- Alle aspekte van SOBIS sal versterk word sodat data betroubaar en bygewerk is.
- Verseker dat enige risiko's in verband met deurlopende aanlyn e-administrasie aandag geniet en versag word.
- Die WKOD sal sterker aandag aan rekeningkundige praktyke en verkrygings-aangeleenthede skenk ten einde die ouditbevinding van die Ouditeur-Generaal te handhaaf en te verbeter en sal aangeleenthede wat deur die Interne Ouditproses uitgelig word, tydig behandel.
- Heelskoolevaluering (HSE) sal by 75 skole uitgevoer word. Besoeke vir volledige evaluering sal oor drie en vyf dae plaasvind. Die WKOD sal in 2016 gefokusde evaluering onderneem. Hierdie besoeke sal oor twee dae plaasvind. Die fokus sal op Beheer en Bestuur of op Kurrikulumlewing wees. Spesiale skole en onafhanklike skole sal by die HSE-steekproef ingesluit word. Omvattende individuele skoolverslae sal uitgereik word aan die skole wat besoek word. Hierdie skole sal elke semester volgens die HSE-graderings gekodeer word. Die bevindings sal in verslae oor goeie praktyk en tendense gedeel word.
- Skole wat ondersteuning met finansiële bestuur benodig, sal geprioritiseerde aandag ontvang. Die klem sal op die ondersteuning van die 216 skole wees wat in geen-fooi-skole omskep is, asook die skole waar ondersteuning ten opsigte van finansiële bestuur geïdentifiseer is. Die opleiding van skoolhoofde in skool- finansiële bestuur sal vanaf April 2016 voorsien word.
- Die implementering van artikel 16A van die Suid-Afrikaanse Skolewet, veral wat die funksies van skoolhoofde betref, sal deurlopend geïmplementeer, gemonitor en geëvalueer word.
- Die WKOD sal die induksie en aanvanklike opleiding van SBL'e ingevolge die goedgekeurde 3-jaar opleidingsprogram fasiliteer.

- Die WKOD sal 'n vennootskap met die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters (SAIGR) aangaan om ondersteuning in finansiële bestuur te versterk deur die betrokkenheid van 'n rekenmeester by elk van die 20 skole betrokke by die loodsprogram.
- Oudit alle koshuise om die stand van gebruik, fisiese toestande en algemene behoeftes te bepaal in lyn met die WKOD Regulasies oor Koshuise en Onderwysplan.
- Oudit vervoerroetes om afstande en behoeftes te bevestig.

## Subprogramme

### *Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR*

Om voorsiening te maak vir die funksionering van die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir Onderwys, in lyn met die ministeriële handboek

### *Subprogram 1.2: Korporatiewe Dienste*

Om aan die onderwysstelsel bestuursdienste te voorsien wat nie spesifiek op onderwys gerig is nie

### *Subprogram 1.3: Onderwysbestuur*

Om onderwysbestuursdienste vir die onderwysstelsel te voorsien

### *Subprogram 1.4: Menslike Hulpbronontwikkeling*

Om menslike hulpbronontwikkeling vir kantoorgebaseerde personeel te voorsien

### *Subprogram 1.5: Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)*

Om 'n Onderwysbestuursinligtingstelsel ingevolge die Nasionale Onderwysinligtingsbeleid te voorsien

## 1.1. Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2016/17

Program 1: Strategiese doelwitte	
<b>Strategiese doelwit 1.1</b>	<b>Ontwikkel en implementeer 'n 5-jaar plan vir onderwyserontwikkeling</b>
<b>Doelwitverklaring</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Tweejaarlikse vergaderings tussen die WKOD en Hoër Onderwys-instellings (HOI) en DHOO om pre-diens vir onderwysers te beïnvloed</li> <li>2. Ontwikkel en implementeer 'n vyf-jaar plan vir in-diens onderwyserontwikkeling (insluitend responsiwiteit op inligting uit toetsing; profielsamestelling van onderwysers; opleiding vir e-leer)</li> <li>3. Ontwikkel en implementeer 'n omvattende onderwyser-aansporingsprogram vir onderwyserontwikkeling om die professionaliteit, onderrigvaardighede, vakkennis en rekenaar-geletterdheid van onderwysers en skoolhoofde te verbeter</li> <li>4. Werf, keur en behou bekwame en goeie-gehalte skoolhoofde en departementshoofde</li> </ol>
<b>Basislyn (uit 2015–2019 Strategiese Plan)</b>	<p>Daar was 'n aantal skoolvakansie-opleidingsingrypings wat óf in reaksie was op die vereistes van die nasionale kurrikulum wat nou die Graad 12-vlak in 2014 bereik het of wat deel was van die provinsiale taal- en wiskunde-opleidingsplan vir Graad 1- tot 6-onderwysers. Laasgenoemde opleiding is verskaf teen 'n koers van 250 skole per jaar in 'n siklus wat opleiding in twee agtereenvolgende jare vereis. Kursusse van twee weke is elke jaar vir die afgelope ses jaar in die Junie-vakansie by die Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituut aangebied. Daar was egter nie 'n oorkoepelende onderwyser-spesifieke plan om hierdie programme, wat as diskrete ingrypings gefunksioneer het, te bestuur nie asook nie die institusionele model om dit te lei nie.</p> <p>Inligting oor die spesifieke opleidingsbehoefte van onderwysers is nog nie in profiele saamgevat nie en daar is nog nie sistemies en stelselmatig in daardie behoeftes voorsien nie. Die departement het nie voorheen 'n gerigte program ingestel om skakels met HOI's in verband met voordiensopleiding voor te stel en te bestuur nie. Die onafgehandelde breëband-inisiatief dui ook aan dat daar 'n groot behoefte is om onderwysers in die uitvoering van e-leer op te lei.</p>

<b>Basislyn (uit 2015–2019 Strategiese Plan)</b>	Professionele ontwikkeling, as 'n volwaardige model in 'n tyd van 'n stabiele kurrikulum, is nog nie holisties aangespreek nie en word nou as 'n hoë prioriteit aangedui.
<b>Strategiese doelwit 1.2</b>	<b>Verbeter administratiewe en ander steun aan skole, wat toenemend deur aanlyn dienste verskaf word</b>
<b>Doelwitverklaring</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Verskaf alle gemandateerde dienste doeltreffend aan skole en monitor tevredenheidsvlakke deur middel van klagtemeganismes en 'n jaarlikse kliëntetevredenheidsopname.</li> <li>2. Gebruik aanlyn dienste toenemend en optimaal om dienslewering te bespoedig en elimineer ondoeltreffendhede sodat die WKOD dienste aan skole, onderwysers, ouers en leerders op enige tyd, op enige plek lewer (e-Administrasie)</li> <li>3. Onderwysbeplanning moet data-gedrewe en verantwoordbaar wees.</li> </ol>
<b>Basislyn (uit 2015–2019 Strategiese Plan)</b>	<p>Die WKOD het oor die afgelope vyf jaar gefokus op verbeterde dienslewering en die ontwikkeling en toepassing van verbeterde sakeprosesse en die monitering van kliëntetevredenheid deur middel van jaarlikse opnames.</p> <p><b>Aanlyn dienste wat in die jare 2010 tot 2014 geïnisieer is, sluit in:</b></p> <p><b>IBS:</b> Fasiliteit om dokumente/sake wat ingedien is/oor verslag gedoen is, na te spoor.</p> <p><b>EduInfosearch (vir gebruik deur bestuurders)</b> Verbeterings om voorsiening te maak vir bestuursverslagdoening oor alle Jaarlikse Prestasieplan (JPP)-lewerbares, insluitend 'n paneelbord-fasiliteit en outomatisering van die volgende prosesse:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Posvoorsiening (insluitend groeiposte)</li> <li>- Geen-fooi-skole</li> <li>- Vak- en graadveranderings</li> <li>- Opnames</li> </ul> <p><b>Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) (vir gebruik deur skole)</b> Groot verbeterings om voorsiening te maak vir:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- aanlyn bestelling van handboeke en werkboeke, skryfbehoeftes, meubels en skoonmaakmiddels</li> <li>- oordragbetalings aan skole</li> <li>- leerdervoerskemas</li> <li>- inligting oor skoolbeheerliggame/-verenigings</li> <li>- Aansoeke om geen-fooi-skole</li> <li>- outomatisering van die prosesse vir die Skoolverbeteringsplan en Monitering van Skoolverbeteringsplanne</li> <li>- Kliëntetevredenheidsopname</li> <li>- Jaarlikse en kitsopnames</li> <li>- Skole se kwartaallikse prestasie</li> <li>- Kwartaallikse afwesigheid</li> <li>- VOO-rekordblaai</li> <li>- Graad 3-, 6- en 9- sistemiese toetsing</li> <li>- Punte van Jaarlikse Nasionale Assessering.</li> </ul> <p><b>NWO-databasis:</b> Fasiliteit om inligting oor organisasies sonder winsbejag wat by skole werk, vas te lê.</p> <p><b>DMIS:</b> Fasiliteit om ondersteuningsbesoeke aan skole, standaardisering van distriksakeprosesse vas te lê.</p>



**Basislyn (uit 2015–2019 Strategiese Plan)**

**e-Werwing:** Fasiliteit om Curriculum Vitae aanlyn vas te lê en om vakante onderwysposte aansoek te doen.

**Menslike Kapitaal-verlofbestuurstelsel (MKVBS):** Fasiliteit om onderwyserbywoning en -verlof en die bestuur van elektroniese betaalstate na te spoor.

**Veilige Skole:** Fasiliteit om insidente met betrekking tot hierdie funksionele gebied vas te lê.

**Korporatiewe Telefoongids:** 'n Elektroniese telefoongids vir hoofkantoor- en distrikspersoneel.

**CONMIS:** Fasiliteit om inligting oor kontrakte vas te lê.

**CASE-bestuurstelsel:** Fasiliteit om inligting oor funksies t.o.v. werknemerverhoudinge in die departement vas te lê.

**EKSAMENS:** Die ontwikkeling van 34 substelsels om die matriek- en JNA-eksamen-verwante prosesse te ondersteun.

**Stel vir bewys van betaling:** Fasiliteit om betalings vas te lê en bewyse van betaling by die WKOD se inloopsentrum te voorsien.

**Aanlyn beursaansoeke:** Fasiliteit om inligting oor beursaansoeke vas te lê.

**SLIMS:** Aanlyn biblioteekbestuursinligtingstelsel vir opvoedkundige biblioteke.

**GIS-infrastruktuur- en beplanningsinstrument:** Ruimtelike kartering-instrument vir beplanning ten opsigte van die ligging van nuwe skole.

**Nuwe kurrikulum-webwerf:** Inhoudsbestuur-instrument vir gebruik deur kurrikulumadviseurs en senior kurrikulumbepanners om inligting oor die kurrikulum te laai.

**SAMI:** Fasiliteit vir die bestuur van inligting oor ongeplaaste leerders.

**Aanlyn eksamenvorms:** Aanlyn aansoekvorm vir Senior Sertifikaat-registrasie (onafhanklike kandidate).

**D6-kommunikeerder:** Webgebaseerde fasiliteit om kommunikasie tussen distrikskantore en skole te versterk (in een onderwysdistrik geloods).

**EKSAMEN-bestuursinligtingstelsel:** Web-koppelvlak vir eksamenuitslae

**Skole se wetenskapvoorraadlys:** Fasiliteit om inligting ten opsigte van wetenskaptoerusting in skole vas te lê.

**Vakaturelys:** Versterking van stelsel om vir die vaslegging van advertensies op skoolvlak voorsiening te maak.

Beplanning het toenemend op grond van data en ontleding plaasgevind. Dit word gebruik om vooruitskattings te doen en te verseker dat planne en handeling bewys-gebaseer is. Die volgende vyf jaar sal bovermelde platforms verder bou en uitbrei.

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwitte	Risiko's	Versagting
<b>Ontwikkel en implementeer 'n 5-jaar plan vir onderwyser-ontwikkeling</b>	Weerstand teen voorafgestelde opleidingsvoorstelle deur hoër onderwysinstellings	Stel 'n formele span saam om met hoër onderwysinstellings te skakel en geskeduleerde vergaderings te hou. Dra by tot die deel van inligting en kundigheid met die 'Fundamentele Leer'-komponent van programme vir onderwyser-ontwikkeling, met die fokus op die gebruik van IKT vir onderrig en versterkte leer.

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwitte	Risiko's	Versagting
<b>Ontwikkel en implementeer 'n 5-jaar plan vir onderwyser-ontwikkeling</b>	Plan vir onderwyserontwikkeling kry weerstand van onderwysers en vakbonde.  Deelname deur onderwysers en vakbonde aan die profiel-samestelling en aansporings-program kom in die gedrang.	Volgehoue skakeling met werknemerpartye by die PELRC en met ander belanghebbendes oor die belangrike skakel tussen die deurlopende professionele ontwikkeling van onderwysers en verbeterde leeruitkomste.  Aktiewe en volgehoue voorspraak-programme (beklemtone van deurlopende professionele ontwikkeling wat onderwysers se vlak van bevoegdheid en die moontlike potensiële vlak van bevoegdheid in ag neem) en aansporings vir deelname.
<b>Verbeter administratiewe en ander steun aan skole, wat toenemend deur aanlyn dienste verskaf word.</b>	Sedert die aanvang van SOBIS in 2002, het dit aansienlik gegroei soos bykomende sakeprosesse geoutomatiseer word en jaarliks by die toepassing gevoeg word. Die WKOD is besig om die drempel in terme van verdere uitbreiding die toepassing te bereik. Bowendien is daar 'n toenemende behoefte by gebruikers vir 'n mobiel-gereed-toepassing.	Heroorweeg die ontwerp en spyskaart van die toepassing en maak voorsiening dat SOBIS op die mobiele platforms vir beter toeganklikheid en bruikbaarheid beskikbaar is.  Gereelde hersiening van implementeringstrategieë en/of hersien organogram om vir gefaseerde implementering voorsiening te maak.

Strategiese doelwit 1.1.	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2012/13	2013/14	2014/15		2016/17	2017/18	2018/19
1.1.1. Plan vir onderwyserontwikkeling	Nuut	Nuut	Omvang van plan-raamwerk bepaal	Plan ontwikkel	Plan geïnisieer	Plan ingestel	Plan geëvalueer
1.1.2. Getal onderwysers <sup>6</sup> wat twee-week kursusse by die Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituut bywoon	Nuut	Nuut	Nuut	800	1 250	1 300	1 300
1.1.3. Getal onderwysers wat opleiding in IKT-integrasie bywoon	Nuut	Nuut	Nuut	3 000	3 000	3 000	3 000

Strategiese doelwit 1.2.	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2012/13	2013/14	2014/15		2016/17	2017/18	2018/19
Getal skole wat aanlyn <sup>7</sup> bestuursdienste gebruik om sake te doen	1 452	1 458	1 524 <sup>8</sup>	1 517	1 516	1 512	1 512

- <sup>6</sup> Sluit 100 skoolbestuurders in
- <sup>7</sup> Die skattings sluit vyf skole uit, bv. hospitaalskole waar leerders elders permanent ingeskryf is
- <sup>8</sup> Definisie aangepas om spesiale skole in te sluit

## 1.2. Strategiese doelwitte en kwartaallikse teikens

Die teikens hierbo aangedui is jaarlikse teikens.

## 1.3. Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2016/17

Programprestasiemaatstawwe vir Program 1	2013/14 Werklik	2014/15 Werklik	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam	2017/18 Beraam	2018/19 Beraam
PPM 101: Getal openbare skole wat die skool-administratiewe bestuurstelsels gebruik om data elektronies aan die nasionale leerder-opspoorstelsel te voorsien <sup>9</sup>	1 459	1 524	1 517	1 516	1 512	1 512
PPM 102 Getal openbare skole wat elektronies (per e-pos) bereik kan word <sup>10</sup>	1 459	1 524	1 517	1 516	1 512	1 512
PPM 103: Persentasie lopende onderwys-uitgawes wat aan nie-personeelitems bestee word	21.5%	19.42%	19.53%	19.85%	19.39%	19.33%
PPM 104: Getal skole wat deur distriksamptenare besoek word vir die doel van monitering en ondersteuning	Nuut	Nuut	1 517	1 516	1 512	1 512

## 1.4. Programprestasiemaatstawwe- kwartaallikse teikens vir 2016/17

Programprestasiemaatstawwe <sup>11</sup>		Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2016/2017	Kwartaallikse teikens			
				1 <sup>ste</sup>	2 <sup>de</sup>	3 <sup>de</sup>	4 <sup>de</sup>
<b>PPM 101</b>	Getal openbare skole wat die skool-administratiewe bestuurstelsels (elektronies) gebruik om data aan die nasionale leerder-opspoorstelsel te voorsien	2016/17	1 516	1 518	1 520	1 523	1 516
<b>PPM 102</b>	Getal openbare skole wat elektronies (per e-pos) bereik kan word	2016/17	1 516	1 518	1 520	1 523	1 516
<b>PPM 104</b>	Getal skole wat deur distriksamptenare besoek word vir die doel van monitering en ondersteuning	2016/17	1 516	1 518	1 520	1 523	1 516

<sup>9</sup> Definisie in 2014 hersien om spesiale skole in te sluit

<sup>10</sup> Definisie in 2014 hersien om spesiale skole in te sluit

<sup>11</sup> Die skattings sluit vyf skole uit, bv. hospitaalskole waar leerders elders permanent ingeskryf is

## 1.5. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

<b>BT 101</b>	<b>Administrasie – sleuteltendense</b>					
	<b>2013/14 Werklik</b>	<b>2014/15 Werklik</b>	<b>2015/16 Beraam</b>	<b>2016/17 Beraam</b>	<b>2017/18 Beraam</b>	<b>2018/19 Beraam</b>
Betalings per subprogram (R'000)						
1.1 Kantoor van die LUR	6,117	6,504	8,228	8,875	9,569	10,238
1.2 Korporatiewe Dienste	238,351	264,120	283,170	296,883	319,795	341,580
1.3 Onderwysbestuur	758,600	864,306	987,076	1,129,885	1,145,102	1,222,137
1.4 Menslike hulpbron-ontwikkeling	834	1,330	5,036	2,304	2,435	2,575
1.5 Onderwysbestuurs-inligtingstelsel (OBIS)	28,904	32,916	34,272	22,060	39,224	41,499
<b>Totaal</b>	<b>1,032,806</b>	<b>1,169,176</b>	<b>1,317,782</b>	<b>1,460,007</b>	<b>1,516,125</b>	<b>1,618,029</b>
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)						
Lopende betalings	907,475	1,057,939	1,210,352	1,375,786	1,411,136	1,506,951
Vergoeding van werknemers	695,123	760,947	835,455	899,727	974,195	1,045,219
▶ Opvoeders	145,978	159,801	175,448	188,945	204,583	219,499
▶ Nie-opvoeders	549,145	601,146	660,007	710,782	769,612	825,720
Goedere en dienste en ander lopende betalings	212,352	296,992	374,897	476,059	436,941	461,732
Oordragte en subsidies	94,115	68,547	68,515	46,752	65,348	69,140
Betalings vir kapitale bates	18,950	32,741	34,086	32,341	34,216	36,198
Betalings vir finansiële bates	12,266	9,949	4,829	5,128	5,425	5,740
<b>Totaal</b>	<b>1,032,806</b>	<b>1,169,176</b>	<b>1,317,782</b>	<b>1,460,007</b>	<b>1,516,125</b>	<b>1,618,029</b>

## 1.6. Prestasie- en uitgawetendense

Die toename in besteding is hoofsaaklik weens die verbetering van diensvoorwaardes, befondsing wat vir inligting- en Kommunikasietegnologie (IKT) geprioritiseer is en inflasie.

<b>BT102</b>								
	1. Admin	2. OGSO	3. Onafh	4. Spes	5. VKO	6. Infra	7. Eksamen	<b>Totaal</b>
<b>Lopende betalings</b>	<b>1,375,786</b>	<b>13,144,079</b>		<b>1,000,654</b>	<b>217,164</b>	<b>450,644</b>	<b>249,314</b>	<b>16,437,641</b>
Vergoeding van werknemers	899,727	12,131,991		964,688	161,840	22,433	171,301	14,351,980
<b>Opvoeder</b>	188,945	10,918,791		762,103	161,840		87,364	12,119,043
Salarisse en lone	165,727	9,512,514		664,478	148,977		83,481	10,575,177
Maatskaplike bydraes	23,218	1,406,277		97,625	12,863		3,883	1,543,866
<b>Nie-opvoeders</b>	710,782	1,213,200		202,585		22,433	83,937	2,232,937
Salarisse en lone	623,438	1,056,947		176,634		22,433	80,206	1,959,658
Maatskaplike bydraes	87,344	156,253		25,951			3,731	273,279
Goedere en dienste	476,059	1,012,088		35,966	55,324	428,211	78,013	2,085,661
Administrasiegelde	793	55					210	1,058
Reklame	6,447	100			4		64	6,615
Bates minder as die kapitalisasiedrempel	7,910	17,990					9,100	35,000
Ouditkoste Ekstern	14,023							14,023
Beurse: Werknemers	818	1,957						2,775
Spyseniering: Departementele aktiwiteite	4,682	1,672		13	50		6,232	12,649
Kommunikasie (G&S)	13,497	188					1,649	15,334
Rekenaardienste	18,687	22		59				18,768
Konsultante en professionele dienste: Sake- en adviesdienste	38,170	53		1,996				40,219
Konsultante en professionele dienste: Regskoste	2,329							2,329
Kontrakteurs	9,095	694					2,124	11,913
Agentskap- en steun-/uitbestede dienste	9,240	311,812			41,533		2,658	365,243
Onthaal	235						2	237
Vlootdienste (insluitend staatsmotorvervoer)	20,063	1,066		5,752			1,356	28,237
Voorraad: Leerder- en-onderwyser-ondersteunings-materiaal	940	198,146		5,691	5,480		2,124	212,381
Voorraad: Materiaal en voorraad	325	18						343
Voorraad: Ander voorraad	276,106	61,791		3,741		54,829	46	396,513
Verbruiksgoedere	1,200	869		15	194		794	3,072
Verbruikbaar: Skryfbehoeftes, drukwerk en kantoor-voorraad	11,515	1,852		3	53		10,801	24,224
Bedryfsbruikhuur	2,978	38,183		18,567			5,720	65,448
Eiendomsbetalings	13,059	62,423		104		373,382	3,329	452,297

<b>BT 102</b>								
	<i>1. Admin</i>	<i>2. OGSO</i>	<i>3. Onafh</i>	<i>4. Spes</i>	<i>5. VKO</i>	<i>6. Infra</i>	<i>7. Eksamen</i>	<i>Totaal</i>
Vervoer verskaf: Departementele aktiwiteite	1,429	303,100			7,424		3	311,956
Reis en verblyf	12,488	1,651		13	67		3,166	17,385
Opleiding en ontwikkeling	2,357	7,018			517		3,320	13,212
Bedryfsbetalings	5,055	1,119					20,872	27,046
Lokale en fasiliteite	2,401	154		12	1		2,352	4,920
Huur en verhuring	217	155			1		2,091	2,464
Betalings vir finansiële bates	5,128							5,128
Oordragte en subsidies	46,752	941,216	101,298	148,106	448,190	20,000	47,527	1,753,089
Departementele agent-skappe en rekeninge	6	3					6,850	6,859
Instellings sonder winsbejag	40,101	914,160	101,298	146,458	446,432	20,000	39,099	1,707,548
Artikel 21-skole: LOOM		517,498						517,498
Artikel 20-skole		107,557						107,557
Ander onderwys-instellings	40,101	289,105	101,298	146,458	446,432	20,000	39,099	1,082,493
Huishoudings	6,645	27,053		1,648	1,758		1,578	38,682
Betalings vir kapitale bates	32,341	1,446		33,216		984,171	232	1,051,406
Geboue en ander vaste strukture						984,171		984,171
Geboue						754,566		754,566
Ander vaste strukture						229,605		229,605
Masjinerie en toerusting	32,341	1,446		33,216			232	67,235
Vervoertoerusting	18,652	842		33,216				52,710
Ander masjinerie en toerusting	13,689	604					232	14,525
Sagteware en ander ontasbare bates								
<b>Groototaal</b>	<b>1,460,007</b>	<b>14,086,741</b>	<b>101,298</b>	<b>1,181,976</b>	<b>665,354</b>	<b>1,454,815</b>	<b>297,073</b>	<b>19,247,264</b>

## 2. Program 2: Openbare gewone skoolonderwys

**Doel:** Om openbare gewone onderwys vanaf Graad 1 tot 12 ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet en Witskrif 6 oor inklusiewe onderwys te voorsien. (E-leer is ook ingesluit.)

### Ontleding per program:

Die fokus van hierdie program sal in 2016 op die stelsels wees wat nodig is vir 'n verrykende leerervaring ter ondersteuning van die drie doelwitte van die WKOD. Die doelwitte is:

- **'n Verbetering in die vlak van taal en wiskunde in alle skole**
- **'n Toename in die getal en gehalte van geslaagdes in die Nasionale Senior Sertifikaat**
- **'n Verbetering in die gehalte van onderwysvoorsiening in meer behoeftige gemeenskappe**

*Sleutelfokusareas vir 2016:*

- Begin met die implementering van die Kurrikulum- en Skoolbestuurstrategieë wat in Strategiese Doelwit 2.1 en 2.2 geïdentifiseer is, veral die Wiskunde- en Taalstrategie.
- Verseker die ontwikkeling en implementering van Skoolverbeteringsplanne (SVP'e) waarin skole oor 'n drie-jaar siklus teikens stel vir die sleutelprioriteite gelys in *Skoolonderwys 2030* en *Aksieplan 2019*, insluitende teikens vir akademiese prestasie in elke graad. Deur hierdie oefening sal daar aandag geskenk word aan gehalte-onderrigtyd, die bestuur van hulpbronne en 'n afname in onderwysers en leerders se afwesigheid.
- Monitering van Skoolverbeteringsplanne moet elke kwartaal volgens 'n stel sleutelaanwysers plaasvind.
- Ondersteuning van en voorsiening aan skole op grond van hul behoeftes.
- Voorsien en monitor die benutting van handboeke, meubels, onderrighulpmiddels en toerusting.
- Versterk stelsels vir die bestuur en gebruik van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal op skool en op distriksvlak.
- Verhoog bewustheid oor, en ondersteuning vir, biblioteektoegang en -gebruik.
- Die voorgeskrewe norme in die grondslag- en intermediêre fase sal gebruik word om die norm te bepaal vir leerders se bemeestering van woordeskat en leesvaardigheid vanaf Graad 1 tot 6.
- Reël en implementeer die Hoërskoolprogram ter ondersteuning van die leerbehoefte van diene wat hulp die meeste nodig.
- Skenk aandag aan die koers van herhalings in alle grade, met ingrypings om dit te bekamp.
- Implementeer die e-leer-strategie in die eerste fase.
- Gebruik fondse vir die ondersteuning van behoeftige leerders om toegang en uitnemendheid uit te brei. Dit sluit die Voorwaardelike Toelae-program vir die versterking van uitslae in Wiskunde, Wetenskap en Tegnologie, die Nasionale Skoolvoedingsprogram, die MIV- en Vigs-program en twee infrastruktuurtoelae in.
- Opleiding van skoolhoofde in finansiële bestuur en werwing en keuring van personeel.
- Verseker gepaste opleiding en steunprogramme vir lede van skoolbeheerliggame.
- Verseker dat die SBL'e effektiewe, doeltreffende en deursigtige finansiële bestuurs- en interne beheerstelsels implementeer en dat die Norme en Standaarde-oordragbetalings aan skole vir die beoogde doel gebruik word.
- Plaas klem op skole om sorgsame skole te wees, met toenemende implementering van die Raamwerk vir die Sorg en Ondersteuning van Onderrig en Leer; met die aangewese voldiens-/inklusiewe skole as beginpunt. Dit sal verder aangevul word deur die implementering van die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram.

- Lewer deur middel van operateurs by die Veilige Skole-inbelsentrum, distriksgebaseerde Veilige Skole-koördineerders en veldwerkers 'n verskeidenheid spesifieke sorg- en ondersteuningsdienste aan skole wat deur misdaad en geweld geraak word. Die klem sal geplaas word op skole wat beveilig word deur die voorsiening van die noodsaaklike toerusting aan 50 nuwe skole.
- Doen gesamentlike beplanning met munisipaliteite en ander staatsdepartemente.

## Subprogramme

### Subprogram 2.1: **Openbare laerskoolvlak**

Om spesifieke openbare gewone laerskole (insluitend inklusiewe onderwys) met die hulpbronne toe te rus wat vir die Graad 1- tot 7-vlak benodig word.

### Subprogram 2.2: **Openbare sekondêre vlak**

Om spesifieke openbare sekondêre gewone skole (insluitend inklusiewe onderwys) met die hulpbronne toe te rus wat vir die Graad 8- tot 12-vlak benodig word.

### Subprogram 2.3: **Menslike Hulpbronontwikkeling**

Om departementele dienste te voorsien vir die ontwikkeling van opvoeders en nie-opvoeders in openbare skole.

### Sub-program 2.4: **Voorwaardelike toelaes**

Om voorsiening te maak vir projekte onder program 2 wat deur die Departement van Basiese Onderwys gespesifiseer word en deur voorwaardelike toelaes befonds word.

Let wel dat die subprogram nie vir 'Skoolsport, Kultuur en Mediadienste' voorsiening gemaak nie, aangesien die funksie by die Departement van Kultuursake en Sport berus.

## 2.1. Strategiese doelwitte en jaarlikse teikens vir 2016/17

Program 2: Strategiese doelwitte	
<b>Strategiese doelwit 2.1.</b>	<b>Ontwikkel en implementeer provinsiale kurrikulumbestuur- en ondersteuningstrategieë</b>
<b>Doelwit-verklaring</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Ontwikkel 'n taalstrategie wat verseker dat <ul style="list-style-type: none"> <li>- Alle leerders aan die bepaalde norme vir vlotheid in lees en skryf per graad op laerskool voldoen.</li> <li>- Alle in-diens-opleidingsprogramme gegrond is op die behoeftes wat in die ontleding van Graad 3-, 6- en 9-taaltoetse en die JNA's geïdentifiseer is.</li> </ul> </li> <li>2. Ontwikkel 'n wetenskapstrategie wat verseker dat <ul style="list-style-type: none"> <li>- Daar 'n fokus is op die bemeestering van basiese wiskundige begrippe in die grondslagfase. Daar in die voorskooljare, veral in Graad R, 'n klem op pre-geesyferdheidsvaardighede is.</li> <li>- Daar 'n klem is op die verbetering van wiskunde-onderrig regdeur die skoolloopbaan, met 'n fokus op onderrig in die intermediêre fase.</li> <li>- Hoërskoolleerders met die potensiaal om wiskunde te doen, geïdentifiseer en vir wiskunde ingeskryf is.</li> </ul> </li> <li>3. Ontwikkel 'n kurrikulumbestuurplan vir die ontwikkeling van wetenskaplike en tegniese vakke.</li> <li>4. Ontwikkel 'n kurrikulumbestuurplan wat aan spesifieke behoeftes in die grondslag- en intermediêre fase aandag skenk.</li> <li>5. Ontwikkel 'n plan van aksie om skole met die beplanning van kurrikulum-aanbiedinge te ondersteun.</li> </ol>



<b>Basislyn (uit 2015–2019 Strategiese Plan)</b>	Daar is 'n Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie en een vir Wiskunde en Wetenskap op hoërskool wat hersiening benodig. Die hersiene weergawes sal 'n enkele, hoogs gespesifiseerde Wiskundestrategie vir die heelskoolkontinuum wees wat die aangeleentheid oor Wiskundige Geletterdheid insluit. Daar is geen voorgeskrewe norme vir lees en skryf per graad op laerskool nie. Die hersiene Taalstrategie sal spesifikasies hiervoor ontwikkel.
<b>Strategiese doelwit 2.2.</b>	<b>Verseker verbeterde skoolbestuur</b>
<b>Doelwit-verklaring</b>	<p>Ontwikkel ondersteuningsprogramme en skedules vir ingryping wat vir die volgende voorsiening maak:</p> <ol style="list-style-type: none"> <li>1. Verseker sterk kurrikulumbestuur in alle fases van skoolonderwys, met spesifieke aandag aan die grondslagfase.</li> <li>2. Skoolbestuursplanne sal die affektiewe en leerbehoefte van die leerder op hoërskoolvlak suksesvol aanspreek.</li> <li>3. Aanstellingsvereistes sal die vermoë van die skoolhoof om kurrikulumbestuursprosesse in skole te lei, insluit.</li> <li>4. Die SBS sal ondersteun word met die hantering van alle kwessies oor skoolbeheer, insluitende ontwrigtende gedrag en afwesigheid, ens.</li> <li>5. Skoolbestuur sal 'n leerder-gebaseerde fokus verseker.</li> <li>6. Skoolbestuur moet aanspreeklikheid vir al hul funksies aanvaar.</li> <li>7. Opleiding van en ondersteuning aan lede van skoolbeheerliggame en monitering van hul rolle en werksaamhede.</li> <li>8. Verbeter die gereeldheid en gehalte van die monitering en steundienste wat deur distrikskantore aan skole voorsien word.</li> </ol>
<b>Basislyn (uit 2015–2019 Strategiese Plan)</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Die rol en funksies van die skoolhoof en SBS as kurrikulumbestuurders het met die aanvang van die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) deel uitgemaak van die opleiding, maar dit is nie deurgevoer as deel van 'n daadwerklike of eenvormige ingryping vir implementering nie. Effektiewe kurrikulumbestuur sal verseker dat tydroosters goed beplan word om te fokus op die vakaanbiede by die skool, sodat dit 'n goeie grondslag bied vir indiensneming of verdere studie en doeltreffend aangebied kan word deur gekwalifiseerde onderwysers en sterk loopbaanvoorligting, assessering en gereedheid van onderwysers. Bepanning en ondersteuning sal ontwikkel word om bystand met bogenoemde te bied.</li> <li>2. Die plan is om 'n klem op die leerder te ontwikkel om te verseker dat daar aan al die leer- en affektiewe behoeftes van die leerder voldoen word. Dit is nie voorheen formeel in 'n strategie opgeneem nie.</li> <li>3. Skole is in kennis gestel van die vereiste prosesse vir die aanstelling van skoolhoofde, maar die samestellende elemente van die rol van 'n skoolhoof as kurrikulumbestuurder moet geïdentifiseer word en die identifisering van geskikte kandidate vir die pos van skoolhoof moet gedeeltelik gegrond word op ondervinding en vaardighede in hierdie verband.</li> <li>4. Die WKOD bied ontwikkelingsprogramme aan om bystand te verleen met die hantering van ontwrigtende gedrag. Hierdie geleentheid sal uitgebrei word om gefokusde bywoning te verseker deur diegene in skole wat uitdagings ervaar.</li> <li>5. Terwyl 'n leerderfokus nog altyd 'n implisiete grondslag vir die stelsel was, was dit nie voorheen 'n eksplisiete fokus nie. Die nuwe fokus is deel van die geïdentifiseerde provinsiale transversale spelwysiger ten opsigte van Jeugontwikkeling.</li> <li>6. Daar is verskeie instrumente wat op aanspreeklikheid fokus, bv. teikens in die Skoolverbeteringsplanne, die Geïntegreerde Gehaltebestuurstelsel, die Gedragkode en prestasie-oorsigte. Daar sal 'n groter klem wees op die integrasie van die stelsels vir duidelike aanspreeklikheid.</li> </ol>

<p><b>Basislyn (uit 2015–2019 Strategiese Plan)</b></p>	<p>7. Die WKOD hou toesig oor die verkiesing van Skoolbeheerliggame en maak voorsiening vir hul opleiding en ondersteuning. 'n Formeel befondsde vennootskap is met Beheerliggame/-verenigings aangegaan sodat hulle opleiding kan verskaf.</p> <p>8. Die rol van die distriksamptenaar en die aard en inhoud van ondersteunende besoeke is tot hede nie ten volle bewoord om 'n volgorde of kontinuum van ondersteuning en ingryping uiteen te sit nie. Skole is vanaf 2014 in vier kategorieë geklassifiseer en die skole wat die meeste aandag nodig het, word meer gereeld as ander besoek. 'n Besoek bekend as die Monitering van Skoolverbeteringsplanne-besoek fokus op 'n stel voorgeskrewe gebiede en word kwartaalliks verslag oor gedoen. Verslagdoening oor distriksbesoeke vind op 'n stelsel genaamd DBIS (distriksbestuurinligtingstelsel) plaas.</p>
<p><b>Strategiese doelwit 2.3.</b></p>	<p><b>Verseker optimale onderwysvoorsiening vir almal, met 'n spesiale fokus op die mees behoeftige persone.</b></p>
<p><b>Doelwit-verklaring</b></p>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Verhoog toegang tot biblioteke en leermateriaal deur die bou- en vernuwingsprogram, vennootskappe met provinsiale en munisipale biblioteke, aankoop van biblioteekmateriaal deur norme-en-standaarde-befondsing en die implementering van die e-leer-strategie.</li> <li>2. Bou vennootskappe tot voordeel van leerders, insluitend dié met alle belanghebbendes, ander regeringsdepartemente, munisipaliteite en ouers Die program moet die gehalte en opleiding van skoolbestuurders verbeter en ouerlike ondersteuning aan skole en hul kinders versterk.</li> <li>3. Implementeer samesmelting van skole wat in die beste belang van leerders is en beplan die maksimum benutting van koshuise en die doeltreffende bepaling van die roetes vir leerdervoer.</li> <li>4. Verseker 'n landelike fokus in die beplanning van onderwysvoorsiening.</li> <li>5. Verseker toegang tot die kurrikulum-aanbod. Dit moet die voorsiening van beter leiding en advies oor vakkeuses insluit, insluitend beroepsgerigte en tegniese vakke vir leerders in geïdentifiseerde geografiese gebiede.</li> <li>6. Verskaf geboue (sien program 6) en toerusting om onderrig en leer te ondersteun en leeruitkomste te maksimeer. Verseker dat die fisiese infrastruktuur en omgewing van elke skool leerders inspireer om skool toe te kom om te leer, en vir onderwysers om te onderrig.</li> <li>7. Implementeer die e-leer-program om akademiese prestasie te versterk</li> </ol>
<p><b>Basislyn (uit 2015–2019 Strategiese Plan)</b></p>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Nuwe skole word gebou met 'n biblioteekfasiliteit en 1 252 skole het biblioteekfasiliteite. 87 skole word deur sewe mobiele biblioteke bedien. Klasbiblioteke of geskenkte biblioteekmateriaal is in ander skole teenwoordig en skole het vennootskappe met plaaslike biblioteke. Die onderwysbiblioteekdienste, Edulis, verskaf materiaal aan skole en onderwysers, insluitend aanlyn toegang tot materiaal en tydskrifte. Skole word jaarliks herinner aan die noodsaaklikheid om norme- en standaard-befondsing te bestee op biblioteekmateriaal sodat daar tien boeke per leerder beskikbaar is.</li> <li>2. Daar is bestaande vennootskappe met provinsiale staatsdepartemente ten opsigte van biblioteekdienste, sport, kuns en kultuur, gesondheidsdienste, gemeenskapsveiligheid, vervoer en openbare werke. Daarbenewens dra gereelde vergaderings en vennootskappe op munisipale vlak by tot dienslewering aan skole en in die verkryging van terreine en dienste. Verhoudinge met belanghebbendes is ingesluit in 'n protokoldokument en roetine- en gereelde vergaderings vind plaas met beheerliggame, forums vir skoolhoofde en hoër onderwysinstellings. Daarbenewens bestaan diensvlakooreenkomste met ondernemings wat borg staan en organisasies sonder winsbejag wat dienste aan skole lewer of hulp met programme in kurrikulumondersteuning verleen. Die impak van hierdie programme sal oor die volgende vyf-jaar tydperk gemeet en dienoreenkomstig aangepas word.</li> </ol>

<p><b>Basislyn (uit 2015–2019 Strategiese Plan)</b></p>	<p>3. Die DBE het aangedui dat skoolrasionalisering nie onderhandelbaar is nie en dat alle provinsies dit by hulle vyf-jaar planne moet insluit. Die WKOD het skole geïdentifiseer met onvoldoende infrastruktuur op gehuurde eiendomme en 'n aantal ander op grond van kwynende getalle of waar twee skole nabygeleë aan mekaar is en by samesmelting sal baat. 'n Oudit van koshuise en sekere vervoerroetes is uitgevoer. Dit sal gemaksimeer word, in oorleg met die planne om onderwyser-leerder-verhoudings en toegang tot tegniese skoolvakke te optimaliseer.</p> <p>4. Die rasionaliseringsprogram is belangrik ten opsigte van landelike beplanning, wat ook deur die Departement van Basiese Onderwys as nie 'onderhandelbaar nie' geïdentifiseer is. Kwessies oor taal, toegang, jeugontwikkeling en geleenthede vir verdere studie is nog nie deur 'n basislynoudit van veral landelike voorsiening behandel nie. Die huidige studies oor voorsiening, ondersteun deur versoeke van munisipaliteite, verskaf die grondslag hiervoor.</p> <p>5. 'n Opname oor die verspreiding van toegang tot die kurrikulum-aanbod en tot beroepsgerigte en tegniese vakke vir leerders in geïdentifiseerde gebiede is nog nie uitgevoer nie.</p> <p>6. Die Gebruiker-Batebestuursplan, studies oor inskrywingspatrone, die oudit van koshuise en vervoerroetes, skakeling met distrikte en munisipaliteite lig die beplanning van skole in (verwys ook na program 6) om onderrig en leer te ondersteun en leeruitkomste te maksimeer. Vennootskappe vir instandhouding en vernuwing met munisipaliteite, gemeenskappe en ander agentskappe, beskermhare en weldoeners sal geteiken word om te verseker dat die fisiese infrastruktuur en omgewing van elke skool leerders sal inspireer om skool toe te kom en te leer en vir onderwysers om te onderrig.</p> <p>7. Die e-leerprogram is in 'n aanvangsfase en behoort 'n impak op versterkte akademiese prestasie te hê. Die WKOD beplan om oor die volgende 3-5 jaar sy e-leer-aanbod ter ondersteuning van die e-visie uit te brei.</p>
<p><b>Strategiese doelwit 2.4.</b></p>	<p><b>Voorsien maatskaplike ondersteuning en die platform vir jeugontwikkeling</b></p>
	<p>1. Verseker dat alle skole teen die minimum per-leerder-vlakke befonds word.</p> <p>2. Verskaf fooi-vrystelling vir leerders in gevalle waar ouers nie die fooie kan betaal wat deur die skool gevra word nie en daardie skole aansoek om fooi-vrystelling doen.</p> <p>3. Verhoog die getal geen-fooi-skole, indien fondse dit toelaat</p> <p>4. Verbeter toegang tot gesondheidsdienste by skole deur middel van meer voedsame voeding en mobiele klinieke.</p> <p>5. Skenk aandag aan veiligheidskwessies by skole deur middel van die Veilige Skole-program, in oorleg met ander departemente.</p> <p>6. Verskaf doeltreffende ondersteuning ten opsigte van vakkeuses en loopbaanvoortligting. Verseker dat onderwysers toegerus is om op die behoeftes van leerders te reageer, met 'n fokus op die individuele leerder: help om toepaslike vakkeuses in Graad 9 te maak; verskaf studietegnieke; ander toepaslike inligting en verseker ouerbetrokkenheid en -kommunikasie.</p> <p>7. Implementeer die Jeugontwikkelingstrategie d.m.v. die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>- Ondersteuning vir Massageleentheid- en Ontwikkelingsentrums deur die voorsiening van naskoolse steun – veral in areas waar retensie swak is</li> <li>- Internskappe (Premier se Bevordering van Jeug, Internskap Projek vir Gegradueerdes, Wes-Kaapse Jeug Oorbruggingsjaar Projek) – ontwikkel vaardighede en kennis gemik op werkgereedheid en inkomstegenerering.</li> <li>- Vaardigheidsontwikkeling (Jeug Fokus Projek en Vaardigheidsskole) – beroepsgerigte leer en beroepsrigtings.</li> </ul>

	<ul style="list-style-type: none"> <li>- Onderwysveiligheidsbestuur – ontwikkel ingrypings wat veiliger skole, ondersteunende skoolgemeenskappe en die welstand van leerders bevorder.</li> <li>- Jeugleierskap en Verteenwoordigende Raad van Leerders (VRL) – ontwikkel vaardighede en kennis gemik op leierskapontwikkeling.</li> <li>- Gesondheid, sorg en ondersteuning – MIV/Vigs en onderwysprogramme vir portuurgroepe.</li> <li>- Skoolverryking – ontwikkel vaardighede en kennis wat nie op inkomstegenerering gemik is nie, bv. burgerlike opvoeding, geskilbeslegting, finansies/skuldbestuur, gesondheid.</li> </ul>
<b>Basislyn (uit 2015–2019 Strategiese Plan)</b>	<p>1.- 3. Die WKOD voorsien fooi-vrystelling en befondsing op per-leerder vlakke en sal poog om dit te handhaaf of uit te brei, soos fondse en syfers dit toelaat. Skole wat in 2013 minder as R400 per jaar in skoolgeld gevra het, is genooi om geen-fooi-skole te word en 216 het die aanbod aanvaar.</p> <p>4. Die WKOD het sy voedingsprogram uitgebrei om kwalifiserende leerders in kwintiel 4- en 5-skole in te sluit en het 'n ontbyt by die program gevoeg. Fondse is in 2014 opsy gesit om te help met die aankoop van twee mobiele klinieke deur die Departement van Gesondheid om skole te besoek en sig- en gehoortoetse uit te voer en vordering teenoor ontwikkelingsmylpale te toets.</p> <p>5. Die skoolveiligheidsprogram voeg jaarliks 50 nuwe skole op grond van behoeftes en risiko's by sy program. Bestaande ooreenkomste is in plek met die Departement van Gemeenskapsveiligheid en die Suid-Afrikaanse Polisie, asook met die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling om te help met die daarstelling van 'n veilige omgewing vir leer. Die voorsiening van opgeleide skoolveiligheidsbeamptes aan 30 skole in vennootskap met die Metro Polisie is 'n onlangse innovasie.</p> <p>6. Die departement help tans onderwysers om doeltreffende ondersteuning ten opsigte van vakkeuses en loopbaanvoorligting te voorsien. Al die elemente in die doelwitverklaring moet opnuut beklemtoon word, wat oor die volgende vyf jaar voorsien sal word.</p> <p>7. Die elemente hierbo gelys vorm deel van die WKOD se huidige stel werksaamhede. Die spelwysiger wat aan die Provinsiale Strategiese Doelwit 2 gekoppel is, met 'n fokus op programme na skool, word tans ondersoek en sal oor die volgende vyf jaar aktief nagestreef word met ander provinsiale departemente en agentskappe as deel van die provinsiale Jeugontwikkelingstrategie.</p>

<b>Risiko-oorsig</b>		
<b>Doelwit</b>	<b>Risiko's</b>	<b>Versagting</b>
2.1. Ontwikkel en implementeer provinsiale kurrikulumbestuur- en ondersteuningstrategieë	<p>WKOD-strategieë is nie voldoende nie</p> <p>Die e-visie-program is te ambisieus vir behoorlike opname</p>	<p>Verseker uitstekende navorsing oor bydraende faktore en van die doel-treffendste maatreëls om dit te behandel. Beplan die uitrol deeglik om te verseker dat deelnemers in staat is om die geleentheid maksimaal te benut, bv. sonder 'n negatiewe impak op die program van onderrig en leer en dat die belegging in tegnologie goed ingelig is sodat handelinge koste-doeltreffend is en dat verliese of produk-veroudering tot die minimum beperk word.</p>

Risiko-oorsig		
Doelwit	Risiko's	Versagting
	Die e-visie-program fokus op die voorsiening van tegnologie eerder as op die doeltreffende integrering van IKT om die gehalte van onderrig en leer te versterk.	Die uitrol van die e-visie-program is op so 'n wyse gestruktureer dat tegnologievoorsiening vergesels word van 'n gefokusde program om onderwysers en amptenare se vermoë in tegnologiese geletterdheid te bou, die doeltreffende gebruik van IKT om onderrig en leer te versterk, en die ontwikkeling van gepaste digitale inhoud.
2.2. Verseker verbeterde skoolbestuur	WKOD-strategieë en -planne kry weerstand van skole en vakbonde	Betrek rolspelers en belanghebbendes in die ontwikkeling of bekragtiging van modelle en planne en ter ondersteuning van die implementeringskiedule
2.3. Verseker optimale onderwysvoorsiening vir almal, met 'n spesiale fokus op die mees behoeftige persone.	Teikens is te ambisieus en die probleme wat aandag moet geniet is van 'n ernstige aard.	Verseker dat die hulpbronne tot beskikking van die WKOD maksimaal ontplooi word, m.a.w. planne, menslike en fisiese hulpbronne is gefokus op gebiede waar die grootste behoefte bestaan en met inagneming dat ingrypings terrein-gebaseer moet wees en aandag moet skenk aan die spesifieke behoeftes van elke skool en sy gemeenskap. Vennootskappe sal in hierdie verband maksimaal gebruik word – veral met ouers, munisipaliteite en ander staatsdepartemente.
2.4. Voorsien maatskaplike ondersteuning en die platform vir jeugontwikkeling	Die naskoolse fokus verswak die fokus op skoolopleiding self.	Verseker dat die belangrikste elemente van die regte keuse van vakke, goeie bestuur van skole, skoolkurrikulumbestuur, fokus op die individuele leerder en toegang tot vakke, soos uiteengesit in hierdie plan, voorop gestel word terwyl daar terselfdertyd 'n duidelike program is om jeug wat 'n risiko loop, te red en hulle van verdere opsies vir leer te voorsien.

Stratetiese doelwit 2.1.	Geouditeerde/Werklike prestasie			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2012/13	2013/14	2014/15		2016/17	2017/18	2018/19
Strategieë vir kurrikulum-bestuur ontwikkel en geïmplementeer	Nuut	Beplan	Ontwikkel	Inisieer	Imple- menteer	Evalueer	Hersien

Stratetiese doelwit 2.2.	Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2012/13	2013/14	2014/15		2016/17	2017/18	2018/19
Getal skole wat kwartaaliks vir bestuurs-ondersteuning besoek word	Nuut	Nuut	Nuut	1 517	1 516	1 512	1 512

Stratetiese doelwit 2.3.	Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2012/13	2013/14	2014/15		2016/17	2017/18	2018/19
Getal skole wat by uitrol van e-leer baat	Nuut	Nuut	248	62 skole 900 Slim-klaskamers <sup>12</sup>	37 skole 400 Slim-klas-kamers	37 skole 400 Slim-klas-kamers	37 skole 400 Slim-klas-kamers

Stratetiese doelwit 2.4.	Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie '000	Mediumtermyn-teikens		
	2012/13 '000	2013/14 '000	2015/16 '000		2016/17 '000	2017/18 '000	2018/19 '000
Verskaf maatskaplike en finansiële ondersteuning aan skole	388 257	446 474	669 119	744 337	786 603	796 554	834 174

Programprestasi-aanwyser	Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2012/13	2013/14	2014/15		2015/16	2016/17	2017/18
2.1. Persentasie leerders in die skoolstelsel behou vanaf Graad 10 – 12	61%	63%	64%	69%	69%	69%	69%

## 2.2. Stratetiese doelwitte en kwartaalike teikens

Die teikens hierbo aangedui is jaarlikse teikens.

## 2.3. Programprestasiemaatstawwe- jaarlikse teikens 2016/17

Programprestasiemaatstawwe vir Program 2	2013/14 Werklik	2014/15 Werklik	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam	2017/18 Beraam	2018/19 Beraam
PPM201: Getal voldiensskole wat leerders met leerhindernisse bedien	8	40	48	56	64	72
PPM202: Getal laerskole met 'n algehele slaagkoers in JNA van 50% en hoër	Nuut	Nuut	300	305	310	315
PPM203: Getal sekondêre skole met 'n algehele slaagkoers in JNA van 40% en hoër	Nuut	Nuut	30	35	40	45

- <sup>12</sup> Let wel: Die getal Slim-klaskamers verskil van skool tot skool; die x-getal van skole dui dus nie outomaties 'n standaardgetal klaskamers in nie.

<b>Programprestasiemaatstawwe vir Program 2</b>	<b>2013/14 Werklik</b>	<b>2014/15 Werklik</b>	<b>2015/16 Beraam</b>	<b>2016/17 Beraam</b>	<b>2017/18 Beraam</b>	<b>2018/19 Beraam</b>
PPM204: Getal sekondêre skole met 'n Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS) slaagkoers van 60% en hoër	Nuut	Nuut	350	360	370	377
PPM205: Die persentasie kinders wat in die vorige jaar 9 geword het en wat tans in Graad 4 (of 'n hoër graad) ingeskryf is	Nuut	Nuut	69%	70%	71%	72%
PPM206: Die persentasie kinders wat in die voorafgaande jaar 12 geword het en wat tans in Graad 7 (of 'n hoër graad) ingeskryf is	Nuut	Nuut	62%	63%	64%	65%
PPM207: Getal skole wat van mediahulpbronne voorsien word <sup>13</sup>	Nuut	Nuut	62	37	37	37
PPM208: Koers van leerderafwesigheid	5.96%	6.02%	7%	7%	7%	7%
PPM209: Koers van onderwyserafwesigheid	3%	3%	3%	3%	3%	3%
PPM210: Getal leerders in openbare gewone skole wat by die geen-fooi-skole-beleid baat	554 523	554 523	566 968	571 412	579 982	588 482
PPM211: Getal opvoeders opgelei in geletterdheid-/ taalinhoud en -metodologie*	Nuut	Nuut	650	550	600	600
PPM212: Getal opvoeders opgelei in geswyerdheid-/ wiskunde-inhoud en -metodologie*	Nuut	Nuut	600	700	700	700

\*Let daarop dat dit na die formele opleiding by die Kaapse Onderwys- en Leierskapinstituut verwys

#### 2.4. Programprestasiemaatstawwe- kwartaallike teikens vir 2016/17

<b>Programprestasiemaatstawwe</b>		<b>Verslag-tydperk</b>	<b>Jaarlike teiken 2016/2017</b>	<b>Kwartaallike teikens</b>			
				<b>1<sup>ste</sup></b>	<b>2<sup>de</sup></b>	<b>3<sup>de</sup></b>	<b>4<sup>de</sup></b>
<b>PPM 208</b>	Koers van leerderafwesigheid	Kwartaalliks	7%	7%	7%	7%	7%
<b>PPM 209</b>	Koers van onderwyserafwesigheid	Kwartaalliks	3%	3%	3%	3%	3%

#### 2.5. Rekonsiliasie van prestasietekens met die begroting en MTUR

<b>BT 201</b>	<b>Openbare gewone skole – Sleuteltendense</b>					
	<b>2013/14 Werklik</b>	<b>2014/15 Werklik</b>	<b>2015/16 Beraam</b>	<b>2016/17 Beraam</b>	<b>2017/18 Beraam</b>	<b>2018/19 Beraam</b>
<b>Betalings per subprogram (R'000)</b>						
2.1 Openbare laerskoolvlak	6,597,359	7,276,039	7,697,402	8,205,323	8,667,589	9,092,751
2.2 Openbare sekondêre vlak	4,400,697	4,489,245	5,047,234	5,497,187	5,919,394	6,317,622
2.3 Menslike hulpbronontwikkeling	82,944	76,011	81,664	34,551	89,483	94,858
2.4 Voorwaardelike toelaes	278,028	315,231	327,894	349,680	363,509	384,592
<b>Totaal</b>	<b>11,359,028</b>	<b>12,156,526</b>	<b>13,154,194</b>	<b>14,086,741</b>	<b>15,039,975</b>	<b>15,889,823</b>

<sup>13</sup> Dit verwys na skole wat van Slim-klaskamers voorsien moet word  
 Jaarlike Prestasieplan 2016/17 – 2018/19

<b>BT 201</b>	<b>Openbare gewone skole – Sleuteltendense</b>					
	<b>2013/14 Werklik</b>	<b>2014/15 Werklik</b>	<b>2015/16 Beraam</b>	<b>2016/17 Beraam</b>	<b>2017/18 Beraam</b>	<b>2018/19 Beraam</b>
<b>Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)</b>						
Lopende betalings	10,589,365	11,123,168	12,402,682	13,144,079	14,010,602	14,800,748
Vergoeding van werknemers	9,625,958	10,368,302	11,378,179	12,131,991	12,874,124	13,593,019
- Opvoeders	8,663,362	9,331,471	10,240,361	10,918,791	11,586,711	12,233,716
- Nie-opvoeders	962,596	1,036,831	1,137,818	1,213,200	1,287,413	1,359,303
Goedere en dienste en ander lopende betalings	963,407	754,866	1,024,503	1,012,088	1,136,478	1,207,729
Oordragte en subsidies	766,676	1,024,530	750,142	941,216	1,027,843	1,087,456
Betalings vir kapitale bates	2,987	8,828	1,370	1,446	1,530	1,619
<b>Totaal</b>	<b>11,359,028</b>	<b>12,156,526</b>	<b>13,154,194</b>	<b>14,086,741</b>	<b>15,039,975</b>	<b>15,889,823</b>

<b>BT 202</b>	<b>Openbare laerskoolvlak – Sleuteltendense</b>					
	<b>2013/14 Werklik</b>	<b>2014/15 Werklik</b>	<b>2015/16 Beraam</b>	<b>2016/17 Beraam</b>	<b>2017/18 Beraam</b>	<b>2018/19 Beraam</b>
<b>Betalings per ekonomiese klassifikasie(R'000)</b>						
Lopende betalings	6,177,072	6,610,336	7,242,987	7,614,672	8,024,821	8,412,704
Vergoeding van werknemers	5,903,023	6,383,909	6,846,520	7,229,094	7,588,700	7,948,079
- Opvoeders	5,312,720	5,745,518	6,161,868	6,506,184	6,829,830	7,153,271
- Nie-opvoeders	590,303	638,391	684,652	722,910	758,870	794,808
Goedere en dienste en ander lopende betalings	274,049	226,427	396,467	385,578	436,121	464,625
Oordragte en subsidies	420,287	665,703	454,415	590,651	642,768	680,047
Betalings vir kapitale bates						
<b>Totaal</b>	<b>6,597,359</b>	<b>7,276,039</b>	<b>7,697,402</b>	<b>8,205,323</b>	<b>8,667,589</b>	<b>9,092,751</b>

<b>BT 203</b>	<b>Openbare sekondêre vlak – Sleuteltendense</b>					
	<b>2013/14 Werklik</b>	<b>2014/15 Werklik</b>	<b>2015/16 Beraam</b>	<b>2016/17 Beraam</b>	<b>2017/18 Beraam</b>	<b>2017/18 Beraam</b>
<b>Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)</b>						
Lopende betalings	4,097,015	4,176,499	4,798,985	5,192,898	5,585,549	5,964,414
Vergoeding van werknemers	3,708,425	3,969,074	4,512,542	4,882,572	5,263,413	5,621,323
- Opvoeders	3,337,582	3,572,166	4,061,288	4,394,315	4,737,071	5,059,190
- Nie-opvoeders	370,843	396,908	451,254	488,257	526,342	562,133
Goedere en dienste en ander lopende betalings	388,590	207,425	286,443	310,326	322,136	343,091
Oordragte en subsidies	303,421	312,459	248,249	304,289	333,845	353,208
Betalings vir kapitale bates	261	287				
<b>Totaal</b>	<b>4,400,697</b>	<b>4,489,245</b>	<b>5,047,234</b>	<b>5,497,187</b>	<b>5,919,394</b>	<b>6,317,622</b>



<b>BT 204 Openbare gewone skool – personeelvoorsiening vind via die skoolbefondsingsnorme plaas (2015/16)</b>				
<b>Programme/ regstatus/ armoedekwintiele</b>	<b>Skole</b>	<b>Totale uitgawes (R'000)</b>	<b>Leerders</b>	<b>Uitgawe per leerder R</b>
<b>2.1 Openbare laerskoolvlak</b>				
Nie-Artikel 21-skole	<b>205</b>	<b>141 262</b>	<b>141 893</b>	<b>996</b>
Kwintiel 1 (mees behoeftige)	35	18 593	16 632	1 118
Kwintiel 2	36	36 009	32 266	1 116
Kwintiel 3	42	37 406	33 518	1 116
Kwintiel 4	57	36 826	36 672	1004
Kwintiel 5 (minste behoeftige)	35	12 428	22 805	545
Artikel 21-skole	<b>872</b>	<b>405 073</b>	<b>492 028</b>	<b>823</b>
Kwintiel 1 (mees behoeftige)	247	57 036	51 038	1 118
Kwintiel 2	99	71 331	63 917	1 116
Kwintiel 3	87	73 019	65 429	1 116
Kwintiel 4	183	137 236	141 493	970
Kwintiel 5 (minste behoeftige)	256	66 451	170 151	391
<b>Totaal</b>	<b>1 077</b>	<b>546 335</b>	<b>633 921</b>	<b>862</b>
<b>2.2 Openbare sekondêre vlak</b>				
Nie-Artikel 21-skole	<b>83</b>	<b>70 780</b>	<b>80 551</b>	<b>879</b>
Kwintiel 1 (mees behoeftige)	7	7 738	6 934	1 116
Kwintiel 2	14	17 528	15 706	1 116
Kwintiel 3	23	26 295	23 562	1 116
Kwintiel 4	22	13 631	18 226	748
Kwintiel 5 (minste behoeftige)	17	5 588	16 123	347
Artikel 21-skole	<b>292</b>	<b>168 872</b>	<b>267 958</b>	<b>630</b>
Kwintiel 1 (mees behoeftige)	16	19 608	17 570	1 116
Kwintiel 2	16	20 023	17 942	1 116
Kwintiel 3	45	49 959	44 766	1 116
Kwintiel 4	67	42 303	65 010	651
Kwintiel 5 (minste behoeftige)	148	36 979	122 670	301
<b>Totaal</b>	<b>375</b>	<b>239 652</b>	<b>348 509</b>	<b>688</b>
<b>Totaal vir nie-artikel-21-skole</b>	<b>288</b>	<b>212 042</b>	<b>222 444</b>	<b>953</b>
<b>Totaal vir artikel-21-skole</b>	<b>1 164</b>	<b>573 945</b>	<b>759 986</b>	<b>755</b>
<b>Totaal vir Kwintiel 1</b>	305	102 975	92 174	1117
<b>Totaal vir Kwintiel 2</b>	165	144 891	129 831	1116
<b>Totaal vir Kwintiel 3</b>	197	186 679	167 275	1116
<b>Totaal vir Kwintiel 4</b>	329	229 996	261 401	880
<b>Totaal vir Kwintiel 5</b>	456	121 446	331 749	366
<b>Groot-totaal</b>	<b>1 452</b>	<b>785 987</b>	<b>982 430</b>	<b>800</b>
Program 2 (nie-personeel nie-kapitaalbegroting)		1,773,145		
Vlak van 'bo-besnoeiing'		44.33%		

## 2.6. Prestasie- en uitgawetendense:

### *Subprogram 2.1 en 2.2: Openbare laerskool- en sekondêre vlak*

Die toename in uitgawes kan grotendeels toegeskryf word aan die verbetering in diensvoorwaardes, groei in leerdergetalle en inflasie.

### *Subprogram 2.4: Voorwaardelike toelaes*

Die toename in besteding is hoofsaaklik te wyte aan inflasie-aanpassings.

### 3. Program 3: Subsidies vir Onafhanklike Skole

**Doel:** Om onafhanklike skole ingevolge die Suid-Afrikaanse Skolewet te ondersteun.

#### **Ontleding per program:**

Daar bestaan twee kategorieë van onafhanklike skole: dié wat behoeftige leerders bedien en 'n subsidie van die WKOD ontvang, en dié wat nie, maar wat by die WKOD geregistreer moet wees.

*Sleutelfokusareas vir 2016:*

- Monitor nakoming van die regulasies met betrekking tot die registrasie van, en subsidies aan, onafhanklike skole.<sup>14</sup> Die implementering hiervan sal steeds in 2016 gemonitor word.
- Die wysiging van bestaande regulasies in 2016 om dit in lyn te bring met die jongste Umalusi-akkreditasievereistes en soos tussen Umalusi en die DBO ooreengekom.
- Die monitering van onafhanklike skole teen die kontrolelys ooreengekom tussen die DBO en Nasionale Alliansie vir Onafhanklike Skoleverenigings (NAISA).
- Kennisgewing aan die publiek dat enigeen wat 'n onafhanklike skool wil vestig, teen nie later nie as 30 Junie van die jaar voor inbedryfstelling aansoek moet doen.
- Verseker dat alle onafhanklike skole die SNAP (inskrywing op die tiende skooldag) en die Jaarlikse Skoolopname voor of op die gespesifiseerde sperdatum voltooi.
- Besoek gekose gesubsidieerde onafhanklike skole in Februarie/Maart 2016 om die nakoming van opnames, finansiële nakoming, Umalusi-akkreditasie en SACE-registrasie te verifieer.
- Monitor onafhanklike skole, veral diegene wat subsidies ontvang, ten einde gehalteverbetering te bevorder.
- Tydige oordrag van goedgekeurde subsidies aan kwalifiserende skole 'n Standaard bedryfsprosedure vir oordragbetalings (subsidies) sal ontwikkel en implementeer word.
- Verseker dat die skole wat subsidies ontvang, die Jaarlikse Nasionale Asseserings aflê.
- Versoek en ondersteun deelname deur gesubsidieerde en nie-gesubsidieerde onafhanklike skole aan die WKOD Graad 3, 6 en 9 sistemiese toetse.
- Nooi onderwysers by onafhanklike skole om WKOD opleidingskursusse by te woon.
- Koördineer en lewer verslag oor WKOD ondersteuning aan onafhanklike skole.
- Deelname aan nasionale forums wat met onafhanklike skole te make het, ten einde by te dra tot die verfyning van beleid en ondersteuning aan die sektor.

#### **Subprogramme**

*Subprogram 3.1: Laerskoolvlak*

Om onafhanklike skole met die Graad 1- tot 7-vlak te ondersteun

*Subprogram 3.2: Sekondêre vlak*

Om onafhanklike skole met die Graad 8- tot 12-vlak te ondersteun

---

<sup>14</sup> Dit sluit onafhanklike preprimêre skole uit. Die regulasies is in 2011 gepubliseer. Hierdie regulasies bevat die vereistes en gronde vir registrasie, prosedure vir registrasie, registrasiesertifikate en toestemming vir leerders om vir eksamens te registreer en eksamens af te lê, monitering van en toegang tot onafhanklike skole, subsidies aan onafhanklike skole, onttrekking van registrasie en die sluiting van onafhanklike skole en appêlle aan die Provinsiale Minister.

### 3.1. Strategiese doelwit en jaarlikse teikens vir 2016/17

Program 3: Strategiese doelwit	
<b>Strategiese doelwit 3</b>	<b>Om ingevolge tersaaklike wetgewing ondersteuning aan onafhanklike skole te bied om gehalte-onderwys vir leerders in hierdie skole te verseker</b>
<b>Doelwitverklaring</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Verseker deur gereelde ondersteuning en monitering van onafhanklike skole dat alle leerders 'n opvoeding in lyn met die Nasionale Kurrikulumverklaring ontvang.</li> <li>2. Alle onafhanklike skole is geregistreer en voldoen aan die minimum vereistes van die tersaaklike wetgewing.</li> <li>3. Voorsien subsidies aan skole wat behoeftige leerders bedien.</li> </ol>
<b>Basislyn (uit 2015–2019 Strategiese Plan)</b>	Die WKOD het 'n patroon van jaarlikse ondersteunende besoeke aan onafhanklike skole ontwikkel en implementeer belangrike instaatstellende beleide. Die bestaan van ongeregisteerde onafhanklike skole hou 'n bedreiging vir die lewering van gehalte-onderwys in. Die WKOD sal verseker dat prosesse vir monitering en evaluering verbeter om veral onafhanklike skole te ondersteun.

Risiko-oorsig		
Strategiese doelwit 3.1	Risiko's	Versagting
Om ingevolge tersaaklike wetgewing ondersteuning aan onafhanklike skole te bied om gehalte-onderwys vir leerders in hierdie skole te verseker	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skole versuim om aan die vereiste gehalte-voorskrifte te voldoen.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verseker dat gepaste monitering- en ondersteuningsmaatreëls in plek is</li> <li>• Onttrek of verminder subsidie wat aan sulke skole voorsien word of die intrek van registrasie van niepresterende onafhanklike skole, indien nodig.</li> </ul>

Strategiese doelwit 3	Geouditeerde/ Werklike prestasie			Beraamde prestasie	Mediumtermyn-teikens		
	2012/13	2013/14	2014/15		2015/16	2016/17	2017/18
Persentasie geregistreerde onafhanklike skole wat subsidies ontvang	Nuut	Nuut	42%	44%	44%	44%	44%

### 3.2. Strategiese doelwit- jaarlikse teikens vir 2016/17

Die teikens hierbo aangedui is jaarlikse teikens.

### 3.3. Programprestasiemaatstaf - jaarlikse teikens vir 2016/17

Programprestasiemaatstawwe vir Program 3	2013/14 Werklik	2014/15 Werklik	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam	2017/18 Beraam	2018/19 Beraam
PPM301: Getal gesubsidieerde leerders in geregistreerde onafhanklike skole	18 502	18 024	20 149	20 000	20 000	20 000
PPM 302: Persentasie geregistreerde onafhanklike skole wat subsidies ontvang	Nuut	Nuut	44%	44%	44%	44%
PPM 303: Persentasie geregistreerde onafhanklike skole vir monitering en ondersteuning besoek	Nuut	Nuut	90%	90%	90%	90%

### 3.4. Programprestasiemaatstaf- kwartaallike teikens vir 2015/16

Programprestasiemaatstawwe		Verslag-tydperk	Jaarlikse teiken 2016/2017	Kwartaallike teikens			
				1 <sup>ste</sup>	2 <sup>de</sup>	3 <sup>de</sup>	4 <sup>de</sup>
<b>PPM 303</b>	Persentasie geregistreeerde onafhanklike skole vir monitering en ondersteuning besoek <sup>15</sup>	2016/17	90%	21%	21%	21%	26%

### 3.5. Rekonsiliasie van prestasieteikens met die begroting en MTUR

<b>BT301 Onafhanklike skool-subsidies - sleuteltendense</b>						
	2013/14 Werklik	2014/15 Werklik	2015/16 Beraam	2016/17 Beraam	2017/18 Beraam	2018/19 Beraam
<b>Betalings per subprogram (R'000)*</b>						
3.1 Laerskoolvlak	47,329	49,358	52,564	55,823	59,061	62,487
3.2 Sekondêre vlak	37,319	40,487	42,820	45,475	48,113	50,904
<b>Totaal</b>	<b>84,648</b>	<b>89,845</b>	<b>95,384</b>	<b>101,298</b>	<b>107,174</b>	<b>113,391</b>
<b>Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)*</b>						
Lopende betalings	0	0	0	0	0	0
Vergoeding van werknemers	0	0	0	0	0	0
Goedere en dienste en ander lopende betalings	0	0	0	0	0	0
Oordragte en subsidies	84,648	89,845	95,384	101,298	107,174	113,391
Betalings vir kapitale bates	0	0	0	0	0	0
<b>Totaal</b>	<b>84,648</b>	<b>89,845</b>	<b>95,384</b>	<b>101,298</b>	<b>107,174</b>	<b>113,391</b>

<b>BT 302 Onafhanklike skool-subsidies - Indeling volgens die skoolbefondsingsnorme (2015)</b>				
Subsidievlak	Primêre/Sekondêre Kategorieë	Totale uitgawes (R'000)	Leerders	Uitgawes per leerder (R)
60 (mees behoeftige)	Laerskool – 24	35 049	5 201	6 739
	Sekondêr – 16	25 452	3 179	8 008
40	Laerskool – 25	12 080	2 689	4 493
	Sekondêr – 13	7 565	1 417	5 338
25	Laerskool – 17	5 172	1 842	2 808
	Sekondêr – 14	2 639	791	3 337
15	Laerskool – 24	4 657	2 764	1 685
	Sekondêr – 8	2 770	1 384	2 002
0 (minste behoeftige)	Laerskool – 8	Nul	1 228	Nul
	Sekondêr -5	Nul	674	Nul
<b>Totaal</b>		<b>95 384</b>	<b>21 169</b>	

Let wel: 45 skole is gekombineerde instansies wat primêre asook sekondêre skoolonderwys aanbied. Altesaam 109 skole word op verskillende vlakke vir laerskool- en hoërskoolleerders gesubsidieer.

### 3.6. Prestasie- en uitgawetendense

*Subprogram 3.1 en 3.2: Laerskool- en Sekondêre Vlak*

Die toename in besteding is hoofsaaklik te wyte aan inflasie.

<sup>15</sup> Let daarop dat 40 skole per kwartaal deur die Direkoraat Institusionele Bestuurs- en Beheerbepanning besoek sal word. 'n Bykomende 100 skole sal in die 4de kwartaal deur die Direkoraat Gehalteversekering besoek word. Daar is altesaam 242 geregistreeerde onafhanklike skole.

#### 4. Program 4: Openbare Spesiale Skoolonderwys

**Doel:** Om verpligte openbare gewone onderwys te bied in spesiale skole, in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse Skolewet en die Witskrif 6 oor Inklusiewe Onderwys. Insluitend e-leer en inklusiewe onderwys.

##### **Ontleding per program:**

*Sleutelfokusareas vir 2016:*

- *Vroeë identifisering van en ingryping in leerhindernisse in alle skole*
  - Verseker dat leerderprofiel voltooi word wanneer leerders ingeskryf word.
  - Monitor leerders wat deur die Geïntegreerde Skoolgesondheidsprogram getoets is en ingryping nodig het.
  - Monitor die ondersteuning van leerders vir wie Individuele Ondersteuningsplanne (IOP'e) ontwikkel is.
  - Implementeer Graad R- en Graad 1-ingrypingsprogramme vir voorkoming van hindernisse tot leer.
- *Versterk distrik- en skoolgebaseerde ondersteuningstelsels*
  - Instelling en kapasiteitsbou van skoolgebaseerde ondersteuningspanne.
  - Monitor die funksionaliteit van skoolgebaseerde ondersteuningspanne.
  - Nasporing van ingrypings en verwysings deur skoolgebaseerde ondersteuningspanne.
  - Versterking van transversale ondersteuning aan skole deur distriksgebaseerde ondersteuningspanne.
  - Ontwikkeling van diensleweringshandveste vir distriksgebaseerde, gespesialiseerde leerder- en onderwyser-ondersteuningspersoneel.
- *Verskaf gespesialiseerde ondersteuning om leer-/remediërende, sielkundige, maatskaplike, terapeutiese en gesondheidsbehoefte van leerders wat kwesbaar is of hindernisse tot leer en ontwikkeling ervaar (insluitend leerders met gestremdhede), aan te spreek.*
  - Nasporing van leerders wat ondersteuning ontvang en die aard van ondersteuning in WKOD-skole deur leerondersteuning-/remediërende onderwysers, maatskaplike werkers, sielkundiges en terapeute.
  - Nasporing van die getal leerlinge wat ondersteuning ontvang en die aard van die ondersteuning deur ander regeringsdepartemente.
- *Versterk alle voldiens-/inklusiewe skole*
  - Help 56 voldiens-/inklusiewe skole om voorsiening te maak vir die volle reeks spesiale behoeftes met 'n sterk fokus op matige en lae vlakke van ondersteuning. Dit sal menslike, fisiese en materiële hulpbronontwikkeling insluit.
  - Help 100 skole met 'eenheidsklasse' om hulpbronklasse te ontwikkel wat nie slegs 'n matige vlak van ondersteuning aan geïdentifiseerde leerders sal bied nie, maar ook 'n breër ondersteuningsfunksie vir die skole sal verrig sodat meer leerders en onderwysers daarby kan baat.
  - Nasporing van die getal leerders met matige tot hoë ondersteuningsbehoefte wat by voldiens-/inklusiewe skole ingeskryf is.
  - Verseker dat individuele ondersteuningsplanne vir leerders met matige tot hoë ondersteuningsbehoefte ontwikkel word.
  - Nasporing van besoeke deur distriksgebaseerde ondersteuningspanne.
  - Nasporing van ondersteuning deur spesiale skool-hulpbronsentrums.
  - Opgradering van die infrastruktuur by voldiens-/inklusiewe skole.

- Ontwikkel voldiens-/inklusiewe skole met goeie praktyke in inklusiewe sentrums wat werkswinkels en ondersteuning vir naburige skole aanbied.
- *Versterk spesiale skole en omskakeling in spesiale skool-hulpbronsentrums (SSHS'e).*
  - 25 spesiale skool-hulpbronsentrums sal baat by menslike, fisiese en materiële hulpbron-ontwikkeling en hulle in staat stel om hulle bystand aan skole uit te brei.
  - Nasporing van uitreikaktiwiteite van spesiale skool-hulpbronsentrums.
  - Versamel data van spesiale skole om die behoefte aan menslike, fisiese en materiële hulpbronne te assesser en agterstande in te haal, waar moontlik
